# Tswanavroue in tradisionele gemeenskappe se grondgebruik in kleinskaalboerderye: gevallestudie in Mantsie (Lehurutshe), 2002

G. HUDSON Hons. B.A.

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister in Ontwikkeling en Bestuur aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. J.A. du Pisani
Hulpleier: Dr. G.J.J. Oosthuizen

November 2003
Potchefstroom

# INHOUDSOPGAWE


**UITTREKSEL** iii

**DANKBETUIGINGS** v

**LYS VAN GRAFIEKE** vi

**LYS VAN TABELLE** vii

**LYS VAN KAARTE** viii

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING** 1

1.1 Agtergrond en probleemstelling 1

1.2 Navorsingsdoelwitte 4

1.2.1 Algemene doelwit 4

1.2.2 Spesifieke doelwitte 4

1.3 Sentrale teoretiese stelling 5

1.4 Metodologie 5

1.4.1 Literatuurstudie 5

1.4.2 Empiriese studie 6

1.5 Struktuur van die skripsie 7

**HOOFSTUK 2**

**ANALISE VAN DIE POSISIE VAN VROUE IN KLEINSKAALBOERDERY IN TRADISIONELE AFRIKAGEMEENSKAPPE, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE TSWANA** 9

2.1 Algemene agtergrond van vroue se posisie in tradisionele Afrika 11

2.2 Die vrou se plek in die tradisionele Tswanagemeenskap 13

## HOOFSTUK 3

**TEORETIESE VERBETERINGE VAN DIE VROU SE POSISIE IN KLEINSKAALBOERDERY** **17**

3.1 Internasionale perspektief 17
3.2 Nasionale perspektief 19
3.3 Kontrole, toepassing en bevordering 21
3.4 Wette ten opsigte van grondbesit 23

## HOOFSTUK 4

**PRAKTIESE SITUASIE VAN VROUE IN KLEINSKAALBOERDERYE** **32**

4.1 Inleiding 32
4.2 Ontwerp 32
4.3 Deelnemers 32
4.4 Metingsinstrument 33
4.5 Samestelling van die vraelys 33
4.6 Prosedure 35
4.7 Statistiese analise 35
4.8 Resultate en interpretasies 36

## HOOFSTUK 5

**GEVOLGTREKKING** **56**

## BYLAAG 1 66

## BYLAAG 2 74

## BRONNE 80

## UITTREKSEL

Die algemene doel van hierdie navorsing is om vas te stel of swart vroue in tradisionele gemeenskappe se posisie in kleinskaalboerdery in Suid-Afrika sedert 1993 verbeter het, met spesifieke verwysing na die situasie van die gemeenskap van Mantsie in Lehurutshe. Om hierdie doelwit te bereik, was die studie opgedeel in 'n teoretiese literatuurstudie en 'n empiriese studie.

Die teoretieseliteratuur studie word in twee dele hanteer. In hoofstuk 2 word daar gekyk na die tradisionele gebruike in die Tswanakultuur en wat die vrou se rol daarin is. Dan in hoofstuk 3 word aandag gegee aan die verskeie teoretiese verbeteringe wat plaasgevind het (of nie) ten opsigte van die posisie van swart vroue in tradisionele gemeenskappe wat 'n bestaan maak uit kleinskaalboerdery. Hoofstuk 4 bevat die resultate van die empiriese studie wat bestaan uit 'n gestruktureerde vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude wat met die vroue van die Mantsie-gemeenskap gevoer is

Dit is baie duidelik uit die studie dat vroue 'n baie belangrike rol speel in die voedselsekuriteit van landelike gemeenskappe. Alhoewel vroue in die tydperk sedert 1994 heelwat uitgesonder was in die opstel van beleid en wette is dit duidelik dat daar nog baie praktiese probleme en beperkings is wat vroue ondervind in hulle landbou-aktiwiteite. Ten spyte hiervan meen die vroue van Mantsie dat hulle posisie verbeter het en dat dit net nog verder kan verbeter. In die lig van die navorsingsresultate word aan die einde van die skripsie 'n paar aanbevelings gemaak word ter bemagtiging van die vroue van Mantsie

## ABSTRACT

The overall objective of this research is to determine whether the position of black women in traditional communities in small-scale agriculture in South Africa has improved since 1993. The community of Mantsie in Lehurutshe is used as a case study. To achieve this objective the study was divided into a theoretical literature study and an empirical study.

The theoretical literature study was also divided into two parts. Chapter 2 looks at the traditional customs of the Tswana culture and the role of women therein. Chapter 3 investigates the various theoretical changes (if any) that has occurred in the position of black women in traditional communities' dependant for their livelihoods on small-scale agriculture. Chapter 4 contains the results of the empirical study, which consists of a structured questionnaire and semi structured interviews, which were conducted with the women of the Mantsie community.

It has become very clear during the study that women are very important role players in the food security of their rural communities. Although women have been singled out in policy and legislation, it is very clear that they still experience practical problems and obstacles in their agricultural activities. Nevertheless, the women of Mantsie feel that their position has improved and that it will improve further. In light of the research results a few recommendations have been made at the end of the dissertation for the empowerment of the women of Mantsie.

## DANKBETUIGINGS

Ek sal graag van hierdie geleentheid wil gebruik maak om my dank en waardering aan 'n paar besondere mense te betuig. Sonder hierdie mense se ondersteuning, aanmoediging, bystand en deelname sou hierdie navorsing nie moontlik kon wees nie.

Ek wil graag begin deur dankie te sê aan my twee studieleiers Prof. J.A. du Pisani en Dr. G.J.J. Oosthuizen. As my studieleiers en mentore het hulle leiding, raad en bystand veroorsaak dat baie van die dinge wat aanvanklik vir my vreemd en onverstaanbaar was, begryplik en duidelik geword het. Hulle het my nie net akademies bygestaan nie, maar ook emosioneel wanneer dit begin voel het dat dinge druk gaan.

Verder wil ek ook baie dankie sê aan die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hulle bystand en geduld.

Baie dankie aan die vroue van die gemeenskap van Mantsie, vir hulle geduld en gewilligheid om te help en vrae te beantwoord in die koue sowel as die verstikkende hitte.

Laastens wil ek ook baie dankie sê aan Minnie en Neels Hudson.

**Hierdie skripsie wil ek graag opdra aan Dawn Hudson.**


## LYS VAN GRAFIEKE


| | | |
|---|---|---|
| Grafiek 1 | Bewerking van grond | 36 |
| Grafiek 2 | Besit van grond | 37 |
| Grafiek 3 | Ouderdom | 37 |
| Grafiek 4 | Huwelikstatus | 38 |
| Grafiek 5 | Verkryging van grond | 39 |
| Grafiek 6 | Hoeveelheid grond | 40 |
| Grafiek 7 | Afstand van grond vanaf woning | 41 |
| Grafiek 8 | Beskikbaarheid van water | 42 |
| Grafiek 9 | Afstand van water vanaf grond | 42 |
| Grafiek 10 | Besit van beeste | 43 |
| Grafiek 11 | Hoe die beeste bekom is | 44 |
| Grafiek 12 | Verkoop van die gewasse | 46 |
| Grafiek 13 | Aanwending van die geld van gewasse | 46 |
| Grafiek 14 | Grondbesit van ongetroude vroue | 48 |
| Grafiek 15 | Redes hoekom ongetroude vroue nie grond mag besit nie | 49 |
| Grafiek 16 | Weduwees se grond gebruik | 50 |

## LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 1 | Verdeling van vraelys inhoud | 34 |
| Tabel 2 | Grond gebruik | 40 |
| Tabel 3 | Tipe gewasse wat aangeplant word | 45 |
| Tabel 4 | Wie die grond bewerk | 47 |

**Kaart 1 Ligging van Mantsie**



# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1.1. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Regdeur die verloop van die geskiedenis en oor kultuurgrense heen, is vroue op die oog af op voetstukke geplaas, maar in die werklikheid word hulle in alle kulture in 'n mindere of meerdere mate gedwing tot voortgesette onderdanigheid. Tradisionele gebruike word dikwels, vanuit die perspektief van die voorstanders van vroueregte, beskou as niks meer as 'n tiran wat in elke huis wegkruip nie. Die Chinese man, volgens die bekende kommunistiese leier Mao Tse-tung, het drie berge op sy rug gehad: die eerste was die onderdrukking van buite, omdat Sjina gekoloniseer was; die tweede was die feodale onderdrukking van twee duisend jaar; en die derde was sy onderontwikkeldheid. 'n Vrou in 'n tradisionele gemeenskap in Afrika het nog vier ekstra berge op haar rug: die man, tradisionele gebruike, haar ras en geslag.[1]

In die afgelope dekade het Suid-Afrika baie duidelike verandering ondergaan. 'n Belangrike verandering was die poging, in terme van die grondwet, om weg te doen met die onregverdigheid teenoor vroue. 'n Saak wat baie aandag geniet het by die Veelparty Onderhandelingsraad gedurende die debat tussen Mei en November 1993, was die gekombineerde uitwerking op vroue van tradisionele gesag, gewoontereg en tradisie. Sedertdien is die invloed van gewoonte- of inheemse reg op die beginsel van geslagsgelykheid vurig in Suid-Afrika gedebatteer.[2]

Een aspek waarop daar ernstig gekonsentreer is gedurende die veelparty-onderhandelings, was die posisie van landelike vroue in tradisionele gemeenskappe met betrekking tot grondbesit. Vroue en geslag het baie

---

[1] M. Ogundipe-Leslie, "African women, culture and another development", S.M. James & A.P.A. Busia (eds.), *Theorizing black feminisms: the visionary pragmatism of black women*, p. 107.
[2] C. Walker, "Women, 'tradition' and reconstruction", *Review of African Political Economy*, vol. 21, no. 61, September 1993, p. 347.

aandag ontvang in ANC-beleidsdokumente, veral met betrekking tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP). Dit het spesifiek vroue uitgesonder as teikens van regeringsintervensie om armoede aan te spreek. In geheel is daar in die HOP aansienlike moeite gedoen om vroue by sleutelareas van die bespreking te betrek en is dit ook baie eksplisiet daarin gestel dat vroue gesien word as die sleutelbegunstigdes van sy grondhervormingsprogram. Walker (1994) skryf hieroor:

> "Women face specific disabilities in obtaining land. The land redistribution programme must therefore target women. Institutions, practices and laws that discriminate against women's access to land must be reviewed and brought in line with national policy. In particular, tenure and matrimonial laws must be revised appropriately."[3]

Die meeste navorsers oor hierdie onderwerp het bevind dat die teoretiese verbetering van vroue se posisie in die nuwe politieke bedeling nie noodwendig die praktiese situasie van vroue in hulle alledaagse lewe verbeter het nie.[4] Dit geld veral vir swart vroue in tradisionele gemeenskappe nog meer as vir ander vroue.

In die snel ontwikkelende studieveld van volhoubare ontwikkeling word besondere aandag aan geslagsgelykheid oor die algemeen en spesifiek ook aan die rol van landelike vroue in die landbou gegee. In Agenda 21, die belangrikste internasionale aksieprogram oor volhoubare ontwikkeling, word 'n hele hoofstuk aan die posisie van vroue gewy.[5] Hierdie studieprojek staan binne 'n groter multi-dissiplinêre navorsingsprojek van die fokusarea Volhoubare Sosiale Ontwikkeling oor verwoestyning in die Lehurutshedistrik en word deur die South Africa-Netherlands Research Programme on Alternatives in Development (SANPAD) geborg. Die oogmerke van die projek

---

[3] Aangehaal in C. Walker, "Women, 'tradition' and reconstruction", *Review of African Political Economy*, vol. 21, no. 61, Sept. 1993, p. 352.

[4] J.A. du Pisani, *Women's rights as political priority in South Africa in the 1990s: an historical perspective* (unp. paper, International Conference on Democracy and Human Rights, University of Zimbabwe, Harare, 13 Sept. 1996), p. 12.

[5] Kyk United Nations Environment Program (UNEP), *Agenda 21*, Chapter 24 - "Global Action for Women Towards Sustainable and Equitable Development", http://www.unep.org/Documents/Default.asp?DocumentID=52&ArticleID=72 [Geraadpleeg op 4 November 2003].

is om veral na grondgebruik in hierdie distrik te kyk en hoe dit volhoubare kleinskaalboerderye kan beïnvloed.

Die Bahurutshe,[6] 'n groep van die Tswana, is woonagtig in hierdie gebied en beoefen kleinskaalboerdery wat hoofsaaklik konsentreer op veeboerdery, maar ook in 'n kleiner mate graanproduksie. Volgens Tswanakultuur behartig die vroue die bewerking van die lande om voedsel te produseer vir huishoudelike gebruik, maar hierdie lande word nooit werklik hulle eiendom nie.

Omdat vroue direk betrokke is by die bewerking van grond is dit belangrik om op hulle te konsentreer wanneer beleid geformuleer word ten opsigte van volhoubare landbou-ontwikkeling. Die SANPAD-projek beoog om hierdie beleidsriglyne ten opsigte van landelike ontwikkeling neer te lê. Daarom is die doel van hierdie studieprojek om ondersoek in te stel na die rol van swart vroue in kleinskaalboerderye binne die geografiese area wat deur die projek gedek word, ten einde die rol van vroue te verreken in die formulering van beleidsriglyne vir die groter projek.

Die probleem is dat alhoewel daar in die Grondwet en ander wetgewing, asook wat betref regeringsbeleid, in die teorie nader beweeg is aan geslagsgelykheid, skynbaar nog weinig verandering plaasgevind het in die praktiese situasie van swart vroue in tradisionele gemeenskappe. Dit laat die vraag ontstaan: het die wetlik-teoretiese veranderinge wat gemaak is al deurgesypel na die mense op wie dit gemik is en besef hierdie mense dat daar al veranderinge gemaak is in die Grondwet? Het die landelike swart vroue al die praktiese implikasie van die nuwe grondwetlike bedeling begin voel, deurdat hulle ekonomiese posisie al verbeter het en is hulle vryer van manlike oorheersing? Het hulle situasie in die kleinskaalboerderye ten opsigte van grondbesit, krediet en marktoegang prakties verbeter?

---

6 Vir etnografiese inligting oor die Bahurutshe, kyk P. Breutz, *The Tribes of Marico District*, pp.54-207.

Omdat veranderinge oor tyd in geslagsverhoudinge en persepsies oor geslagsrolle ondersoek word, is dit in wese 'n historiese studie. Dit fokus op 'n stukkie eietydse geslagsgeskiedenis. 'n Relatief klein tydspan word gedek, die tydperk is baie resent en sosiaalwetenskaplike ondersoekmetodes word ingespan, maar die oorhoofse perspektief bly histories.

Die volgende navorsingsvrae kan gevra word:

1. Wat is die Tswanavrou se kulturele posisie in tradisionele gemeenskappe met betrekking tot grondbesit?
2. Het swart vroue in tradisionele gemeenskappe se posisie in kleinskaalboerdery teoreties verbeter sedert 1993 (dit is die jaar toe die nuwe politieke bedeling tydens die veelparty-onderhandelings sy beslag gekry het), soos weerspieël in die Grondwet, ander wetgewing en in regeringsbeleid?
3. Het die teoretiese verbeteringe van vroue se posisie deurgewerk na die praktyk soos wat dit deur die vroue van Mantsie ervaar word?

## 1.2. NAVORSINGSDOELWITTE

### 1.2.1 Algemene doel

Om vas te stel of swart vroue in tradisionele gemeenskappe se posisie in kleinskaalboerdery in Suid-Afrika sedert 1993 verbeter het, met spesifieke verwysing na die situasie van die gemeenskap van Mantsie.

### 1.2.2 Spesifieke doelwitte

Die doelwitte van die studie is:

1. Om vas te stel of vroue se posisie in kleinskaalboerdery in Suid-Afrikaanse tradisionele gemeenskappe teoreties verbeter het, as daar gekyk word na veranderinge in die Grondwet, ander wetgewing en regeringsbeleid.
2. Om deur 'n gevallestudie in die Mantsiegemeenskap in Lehurutshe vas te stel wat die Tswanavrou in 'n tipiese landelike tradisionele gemeenskap se posisie in kleinskaalboerdery is.

3. Om vas te stel of die teoretiese verbeteringe van vroue se posisie in kleinskaalboerdery deurgewerk het na die praktyk, met spesifieke verwysing na die Mantsiegemeenskap.

## 1.3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Alhoewel daar baie teoretiese verbeteringe aan die posisie van vroue, in die vorm van wetgewing en beleid, aangebring is sedert 1993, het dit nog nie deurgewerk na die praktyk nie.[7] In hierdie studie word die aanname gemaak dat teoretiese geslagsgelykheid ten opsigte van vroue se reg op die besit en bewerking van grond in landelike tradisionele gemeenskappe nog nie in die praktyk gestalte gekry het nie. Die wet sê dat vroue gelyke reg het op grondbesit, maar in baie landelike tradisionele gemeenskappe is dit nog die tradisionele sosiale stelsel en gewoontereg wat vroue weerhou van die volle voordeel van grondbesit.

## 1.4. METODOLOGIE

Die metode van ondersoek behels 'n literatuurstudie en 'n empiriese studie, bestaande uit sowel gestruktureerde as semi-gestruktureerde onderhoude. 'n Histories-antropologiese kwalitatiewe navorsingsmetode word met veldwerk gekombineer.

### 1.4.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie word onderneem om die Tswanavroue se kulturele posisie met betrekking tot grondbesit en boerdery in tradisionele gemeenskappe en die teoretiese verbetering van hulle posisie deur wetgewing en beleid na 1994 te ondersoek. Boeke, regeringsverslae, vaktydskrifte, akademiese verhandelings en Internetinligting sal die hoofbronne vir die navorsing wees. 'n Deeglike rekenaarsoektog is onderneem om die beskikbaarheid van bronne vir die voorgestelde titel vas te stel. Die volgende databasisse is gekonsulteer:

---

[7] J.A. du Pisani, *Womens's rights as political priority in South Africa in the 1990s: an historical perspective* (unp. paper, International Conference on Democracy and Human Rights, University of Zimbabwe, Harare, 13 September 1996), p. 12.

Business Source Premier
Academic Search Premier
Centre for Rural and Legal Studies Database
Nexus – Database of Current & Completed Research in South Africa
ISAP – Index for South African Periodicals
South African National Bibliography
MasterFILE Premier
FerdiKat.

### 1.4.2 Empiriese studie

Daar word beoog om in die Mantsiegemeenskap van Lehurutshe in twee fases onderhoude met van die Bahurutshevroue te voer oor hoe hulle die teoretiese veranderinge in wetgewing prakties ervaar.

Die eerste fase behels onderhoude aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys, wat in oorleg met die studieleier opgestel is en in Setswana vertaal is. Die Engelse weergawe van die vraelys is in bylaag 1 opgeneem. Deur gestruktureerde onderhoude kan die praktiese situasie van die vroue se landbou-aktiwiteite vasgestel word. In watter mate is hulle by veeboerdery en die aanplant van gewasse betrokke, watter probleme ervaar hulle en wat word met die landbouprodukte gedoen?

Onderhandelings oor die onderhoude is met die landbouvoorligtingsbeampte van die gebied en die landboukomitee van Mantsie afgehandel. Toestemming vir die onderhoude is van sowel die Kgosana (hoofman) en Lekgotla (stamraad) as die Landbouforum van Mantsie verkry. Daar is besluit om van 'n beskikbaarheidsteekproef gebruik te maak en die Kgosana het met die vroue gereël vir die onderhoude. Ongeveer 60 onderhoude is gevoer. Die veldwerk is gedoen deur twee spanne van twee lede elk. In elke span was daar 'n tolk sowel as 'n persoon wat die antwoorde afgeneem het.

Statistiese ontleding van die voltooide vraelyste om frekwensies van antwoorde te bepaal, is deur die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens gedoen.

Die tweede fase behels semi-gestruktureerde opvolgonderhoude aan die hand van 'n onderwerplys. Die Engelse weergawe van die onderwerplys is in bylaag 2 opgeneem. Hierdie soort onderhoude word gebruik in 'n poging om die komplekse optrede van lede van 'n gemeenskap te verstaan. Die essensie van semi-gestruktureerde onderhoude is die vestiging van mens-tot-mens verhoudinge met die respondente asook die begeerte om te begryp eerder as om te verduidelik.[8] Deur hierdie onderhoude, wat deur dieselfde veldwerkspanne as die gestruktureerde onderhoude gevoer is, is vasgestel of die vroue bewus is van hulle regte en die teoretiese implikasies van die nuwe grondwetlike bedeling vir hulle landboubedrywighede. Indien die teoretiese vooruitgang ten opsigte van geslagsgelykheid nie praktiese gestalte in hulle alledaagse lewe vind nie, moet die redes hiervoor vasgestel word. Hierdie fase is 'n kwalitatiewe ondersoek, waarvan die resultate kwalitatief deur die navorser vertolk is. Die resultate is ook vergelyk met die resultate van ander soortgelyke onderhoude wat in ander gemeenskappe vir die groter SANPAD-projek gevoer is.

## 1.5. STRUKTUUR VAN SKRIPSIE

Hierdie skripsie bestaan uit 5 hoofstukke. Hoofstuk 1 handel oor die navorsingsontwerp. In hoofstuk 2 word 'n teoretiese analise van die onderwerp hanteer. Dit behels die literatuurstudie waarin daar na Tswanavroue in tradisionele gemeenskappe gekyk word, met besondere klem op die Tswanakuluur se gebruike en wette ten opsigte van die huwelik en vroue se grondregte. Dit word gedoen teen die agtergrond van vroue se posisie in tradisionele Afrika oor die algemeen. Hoofstuk 3 gee aandag aan die teoretiese verandering aan die posisie van die swart vrou in tradisionele gemeenskappe sedert 1994, soos wat dit in die grondwet van Suid-Afrika en ander wetgewing vervat word. Daar word spesifiek aandag gegee aan wetlike veranderinge in terme van vroue in die landelike samelewing, veral wat grondregte betref. Hoofstuk 4 beskryf die empiriese studie, gee die statistiese verwerking van die vernaamste resultate in die vorm van grafieke en tabelle, en bied 'n interpretasie van hierdie resultate. Die kern van die empiriese studie

[8] N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (eds.), *Collecting and interpreting qualitative materials*, pp. 56-57.

is die gestruktureerde vraelys en semi-gestruktureerde onderwerpslys, wat in bylaes ingesluit is. In hoofstuk 5 word die bevindings en gevolgtrekkings van die studie weergegee.

# HOOFSTUK 2

# ANALISE VAN DIE POSISIE VAN VROUE IN KLEINSKAALBOERDERY IN TRADISIONELE AFRIKAGEMEENSKAPPE, MET BESONDERE VERWYSING NA DIE TSWANA

'n Teoretiese analise van hierdie onderwerp behels die literatuurstudie waarin daar oor die algemeen na Tswanavroue in tradisionele gemeenskappe gekyk gaan word om vrae soos die volgende te beantwoord: Wat behels hulle tradisionele gebruike rakende die besit van grond deur vroue? Hoe kan hulle grond kry om te bewerk? Wat word van die grond wanneer die vrou se man sterf?

Voordat daar eers gekyk kan word na die literatuur, is dit belangrik om die konsepte te definieer wat in hierdie studie gebruik gaan word. Die kern van hierdie studie is geslag en dit is dus belangrik om te verstaan hoe die term "geslag" in hierdie studie gebruik word.

Die verskil tussen geslag en geslagtelikheid is dat geslag kultureel en sosiaal is en dat geslagtelikheid biologies is. Wanneer daar van geslag gepraat word, word daar verwys na die eienskappe wat die samelewing verwag van 'n persoon om te hê, gebaseer op sy of haar geslagtelikheid. Elke samelewing definieer wat die toepaslike optrede is vir mans en vroue. Daar word sekere dinge van mans verwag en ander dinge van vroue. Hierdie geslagsrolle word gebaseer op die mens se biologiese geslagtelikheid, maar is nie noodwendig die mens se natuurlike rolle nie en ook is dit nie Godgegewe soos baie mense dink nie. Hierdie voorgeskrewe geslagsrolle word deur die samelewing gedefinieer en aan ons voorgeskryf vanaf 'n jong ouderdom. Geslag verwys daarom na die ekonomiese, sosiale en kulturele rolle, optredes, bydraes en geleenthede wat geassosieer word met die terme manlik of vroulik.[1]

[1] Commission on Gender Equality, Republic of South Africa: *A framework for gender relations in South Africa,* 2000, http://www.gov.za/reports/2000/transformation.pdf [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

Dit is ook belangrik om te verstaan hoekom daar op vroue gefokus moet word en spesifiek landelike swart vroue. Vroue het in die algemeen minder toegang tot besluitneming en ander strukture van mag en gesag. Hulle moet opgehef word uit hulle onderdanige situasies – by hulle huise, in die gemeenskap asook in die publieke sfeer – sodat hulle saam met die mans kan deelneem in die skepping van transformasie in Suid-Afrika.

Die situasie is seker die donkerste vir swart vroue in landelike gebiede, omdat hulle nog die swaarste trek onder die juk van onderdanigheid. Dit is daarom belangrik om op die swart landelike vroue van Suid-Afrika te konsentreer. Suid-Afrika se stelsel van grondbesit en -gebruik was vir eeue gebaseer op ras- sowel as geslagsdiskriminasie: grond was ongelyk verdeel tussen rasse en ook tussen mans en vroue.[2] Een van die redes waarom swart landelike vroue sukkel om die greep van armoede af te skud, is omdat hulle 'n beperkte toegang tot, en beheer oor grond het.

Wettiglik mag vroue in Suid-Afrika grond besit, maar dit is dikwels moeilik vir hulle om dit te bekom. As hulle wel toegang tot grond het, het hulle dikwels geen ware mag oor hoe hulle dit gebruik nie, omdat hulle nog steeds onderdanig moet wees aan hulle mans of manlike familielede. Ander diskriminerende wette en praktyke verhinder vroue om krediet te verkry, wat hulle nodig het om hulle grond te ontwikkel vir produksie. Heelwat finansiële instansies vereis byvoorbeeld dat 'n manlike bemiddelaar teenwoordig moet wees voordat hulle 'n lening aan 'n vrou toestaan. By instansies waar vroue wel krediet kan kry, het hulle dikwels nie bates in hulle naam wat as kollaterale sekuriteit kan dien nie. Die persepsie bestaan dat vroue nie ervaring het in organisasie nie. Wanneer hulle wel in groepe georganiseerd is – en dus geskik is vir toekenning van subsidies – is mans geneig om die situasie te domineer en al die besluite te neem, wat dikwels nie noodwendig in die vroue se belang is nie.[3]

---

[2] Commission on Gender Equality, Republic of South Africa: *A framework for gender relations in South Africa*, 2000, http://www.gov.za/reports/2000/transformation.pdf [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[3] Commission on Gender Equality, Republic of South Africa: *A framework for gender relations in South Africa*, 2000, http://www.gov.za/reports/2000/transformation.pdf [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

## 2.1 ALGEMENE AGTERGROND VAN DIE VROU SE POSISIE IN TRADISIONELE AFRIKA

Grond bly 'n bate van groot belang vir Afrika-ekonomieë, as 'n bron van inkomste, voedsel en werk. Buiten grond se ekonomiese waarde, het dit ook steeds groot sosiale waarde, asook belangrike simboliese en rituele assosiasie in baie Afrikakulture. Toegang tot grond is veral belangrik vir baie arm mense wat dalk meer beperkte geleenthede kan hê tot die verkryging van winsgewende nie-landbou aktiwiteite. Een van die belangrikste komponente van enige grondgebruik- of landboustelsel, is die grondbesitstelsel. Die institusionele reëlings waaronder 'n persoon toegang tot grond verkry, bepaal onder meer watter tipe van gewasse 'n persoon kan aanplant, hoe lank 'n persoon 'n spesifieke stuk grond kan bewerk, die persoon se reg tot die vrugte van sy/haar arbeid, asook sy/haar vermoë om langtermynverbeteringe aan die grond aan te bring.[4]

Geslagskwessies tree al hoe meer op die voorgrond in huidige beleidsdebatte regdeur Afrika. Dit deurkruis besprekings van gewoontereg en formele eiendomsbesitstelsels, wat albei vroue se regte gemarginaliseer het.[5] As gevolg van toenemende internasionale druk, verkry die posisie wat deur vroue in die gesig gestaar word, deesdae baie meer aandag in grondbeleid-hervormingsprosese dwarsoor Afrika. Suksesvolle inkorporasie van prioriteite wat vir vroue van belang is in die wetgewing was egter steeds ontwykend in Afrika.[6]

Vroue is geneig om onderdanige rolle te speel ten opsigte van grond in beide die gewoontereg- en gemeneregstelsel. Onder die eersgenoemde behoort die grond gewoonlik aan, en word bestuur deur, die manlike groep, sodat vroue altyd sekondêre gebruikers is. Die reg van toegang tot grond is baie afhanklik

---

[4] E. M. Letsoalo, *Land reform in South Africa: a black perspective*, p. 1. Kyk ook C. Toulin & J. Quan, "Evolving land rights, tenure and policy in Sub-Saharan Africa", C. Toulin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, pp. 1-2.

[5] C. Toulin & J. Quan, "Evolving land rights, tenure and policy in Sub-Saharan Africa", C. Toulin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, p. 23.

[6] T. Hilhorst, "Women's land rights: current developments in Sub-Saharan Africa", C. Toulin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, p. 191.

van die sosiale bande wat vroue het met diegene wat primêre regte tot die grond het. Vroue se aanspraak op grond binne gewoonteregstelsels word gewoonlik verkry deur hulle mans of manlike familielede en word daarom gesien as "sekondêre" regte. Hierdie spesifieke kwessies is verwant aan die feit dat hulle regte tot grond vasgestel word deur hulle huwelikstatus, deur die wette op erfenis en egskeiding, asook deur die tradisionele persepsie van wat die vrou se rol in die gemeenskap behoort te wees. 'n Getroude vrou mag byvoorbeeld toegang tot grond verkry indien sy haar man se toestemming het, maar sy sal die grond tien teen een weer verloor indien die verhouding versuur, 'n egskeiding plaasvind of sy 'n weduwee word. In die meeste grondbesitstelsels onder gewoontereg word gemeenskapsvlakbesluite oor grond deur die kapteins of hoofmanne geneem ten behoewe van die familie of stam. Tradisionele gesag word normaalweg bepaal deur 'n patrilinière linie en die meeste belangrike besluite word deur mans geneem.[7] Selfs met die moderne stelsels het vroue minder regte as mans, of hulle regte is ondergeskik aan dié van die breër huishouding.[8]

Alhoewel vroue beheer het oor die bewerking van hulle eie grond, het hulle nie algehele vryheid om die gewasse van die hand te sit soos wat hulle goed dink nie. 'n Vrou se huwelikstatus en ouderdom beïnvloed grootliks die graad van vryheid wat sy geniet om te besluit wat om met die vrugte van haar arbeid te maak. 'n Ouer vrou het meer onafhanklikheid om te besluit wat om daarmee te maak en is selfs in die posisie om 'n privaat rykdom op te bou.[9]

## 2.2 DIE VROU SE PLEK IN DIE TRADISIONELE TSWANAGEMEENSKAP

Die regte van vroue onder gewoonteregstelsels verskil van plek tot plek. In sekere families of gemeenskappe kan vroue se toegang tot landerye of

[7] T. Hilhorst, "Women's land rights: current developments in Sub-Saharan Africa", C. Toulin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, pp. 181-182.

[8] C. Toulin & J. Quan, "Evolving land rights, tenure and policy in Sub-Saharan Africa", C. Toulin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, p. 24.

[9] T. Hilhorst, "Women's land rights: current developments in Sub-Saharan Africa", C. Toulin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, p. 182.

weiding van hulle eie deur mans gesien word as 'n bedreiging, omdat vroue dalk onafhanklik van hulle kan word.[10]

Voordat daar na die posisie van die Tswanavroue in kleinskaalboerdery gekyk kan word, is dit belangrik om eers vas te stel wat hulle posisie in die tradisionele gemeenskap is deur te kyk na waar die vrou in die gemeenskap se hiërargie inpas en hoekom juis daar. Daarom gaan daar vlugtig na die familiewette en huweliksgebruike van die Tswana gekyk word, omdat die Tswana-kultuurgroep hoofsaaklik hierdeur geïdentifiseer en regeer word.

Die familie van die Tswana word gebaseer op die huwelik. Vir 'n huwelik om as wettig beskou te word en te strook met die regte, pligte en voorregte volgens die gemeenskap, moet die kontrakterende partye aan sekere vereistes voldoen. Behalwe die verskeie reëls wat die keuse van 'n vrou reguleer, is die hoofaspekte van 'n Tswana huwelikskontrak die volgende: (a) wedersydse ooreenkoms tussen die twee betrokke families; en (b) die oordrag van vee, gewoonlik beeste, aan die bruid se familie deur die bruidegom se familie.[11]

In die keuse van 'n bruid, of sy verwant is aan die familie of nie, word daar baie aandag gegee aan haar karakter en dié van haar familie. Ideaal moet sy hardwerkend en gehoorsaam wees, beskeie, kuis of rein en oor die algemeen goed opgevoed, terwyl haar ouers weer van goeie karakter en afkoms moet wees en bo alles vry moet wees van enige agterdog ten opsigte van die beoefening van toordery. In die ou dae was huwelike gewoonlik deur die ouers van die betrokke jongmense gereël. Die jongmense was glad nie hieroor gekonsulteer nie en slegs nadat al die nodige reëlings gemaak is, is hulle eers ingelig. Die jongmense het geen reg gehad om hulle eie lewensmaats te kies nie en slegs die meisie se vader het die mag gehad om haar huwelik af te

[10] C. Cross & D. Hornby, (eds.), National Land Committee, Republic of South Africa: *Opportunities and obstacles to women's land access in South Africa*; http://www.nlc.co.za/pubs2003/womenlandaccess/wlatoc.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003]; S. Meer (ed.), *Women, land and authority: perspectives from South Africa*, pp. 17-18. Kyk ook T. Hilhorst, "Women's land rights: current developments in Sub-Saharan Africa", C. Toulin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, p. 182.

[11] M. West, *Abantu: an introduction of the Black people of South Africa*, p.121; I. Schapera, *The Tswana*, p. 41.

dwing, selfs teen haar eie wense en dié van haar moeder. As haar vader dood was, kon haar voog nie 'n huwelik op die meisie afdwing as haar moeder ook daarteen gekant was nie, maar as haar moeder saamgestem het, moes die meisie doodeenvoudig met die huwelik voortgaan.[12]

Onmiddellik na die huwelik gaan die vrou saam met haar man om by sy ouerhuis te gaan woon. Nadat 'n seun getrou het, woon hy gewoonlik vir 'n tyd lank op sy ouers se werf, waar hulle vir hom en sy vrou spesiaal 'n woning opsy gesit het. Die jong paartjie kan vir 'n aantal jare daar woon, maar die periode is nie definitief vasgestel nie en hy kan sy eie huis opsit wanneer hy wil en wanneer sy ouers instem. Wanneer 'n vrou by haar man se tuiste gaan woon, is haar lot moeilik, omdat haar optrede aandagtig bestudeer sal word. Daar word van haar verwag om nederig en eerbiedig te wees, om hard te werk en oor die algemeen die slaaf van die huishouding te wees.[13]

Die huwelik bring veranderinge mee in beide die wetlike en sosiale status van die man en vrou. Wanneer die man by sy ouers wegtrek en sy eie huis opsit, is hy vir alle praktiese doeleindes sy eie meester. Die vrou aan die ander kant, skuif van die wettige beheer van haar vader na dié van haar man, wat haar voog word en verantwoordelik is vir haar optredes. Hy is die offisiële hoof van die huishouding en sy word gesien as feitlik sy bediende. Sy kan as 'n reël hom nie dagvaar of gedagvaar word, behalwe deur hom nie. Alhoewel die vrou onder die wettige voogdyskap van haar man is, moet daar aan haar sekere regte en voorregte toegestaan word. Dit is die man se plig om haar te beskerm en om haar goedhartig en bedagsaam te behandel, asook om haar te voorsien met 'n woning, kos, klere en ander benodighede. Daar word beide van die man en die vrou verwag om aktief deel te neem aan die ekonomiese lewe van die huishouding. Die besondere take van mans en vroue in hierdie verband word duidelik gedefinieer deur die tradisionele verdeling van arbeid tussen die geslagte. Die mans en seuns melk en pas die beeste op en jag ook vir vleis. In die ou dae het die mans net die bome en bosse van die lande verwyder; die

---

[12] I. Schapera, *A handbook of Tswana law and custom*, p. 128.

[13] W.D. Hammond-Tooke (ed.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*, pp. 179, 187; I. Schapera, *A handbook of Tswana law and custom*, p. 149.

vroue moes die grond breek met hulle skoffelpikke, saad plant, onkruid verwyder, voëls verjaag en uiteindelik die gewasse oes. Met die bekendstelling van die ploeg, neem die mans nou meer aktief deel in die ploeg van die lande, maar die grootste gedeelte van die werk word nog deur die vroue gedoen.[14]

Na die tradisionele huwelik, word 'n gedeelte van die vee en 'n beskikbare stuk bewerkbare grond geïdentifiseer en opsy gesit vir die gebruik van die vrou se huishouding. Die grond word dan bewerk deur die man en sy vrou en die opbrengste word vir die huishouding gebruik. Wanneer daar egter 'n surplus oorbly, word die beeste en ander vee wat hiermee gekoop word, deel van die huishouding se eiendom.[15]

Tradisioneel was net getroude mans geregtig op 'n direkte toewysing van landbougrond. Vandag het die tradisionele reëls egter 'n bietjie verslap en kan individuele toewysing van grond aan die volgende mense gemaak word, wat voorheen nie aanspraak op grond kon maak nie:

1. *Ongetroude persone.* Ongetroude persone, mans of vroue, kan aanspraak maak op 'n direkte toekenning van grond vanaf die stamowerheid wat die grond beheer, op voorwaarde dat:
   1.1. die persoon wat die toewysing wil hê, van 'n hubare ouderdom is;
   1.2. die aansoek ondersteun word deur die vader of voog van die aansoeker;
   1.3. die stamowerheid tevrede is dat geen grond beskikbaar is nie buite die toekenning wat gemaak is aan die huishouding waaraan die aansoeker behoort.
2. *Weduwees.* 'n Weduwee kan ook aanspraak maak op 'n direkte toekenning van grond vanaf die stamowerheid, maar het nie die ondersteuning van haar voog nodig om dit te doen nie.
3. *Getroude vroue.* 'n Getroude vrou is gewoonlik nie geregtig op 'n direkte toekenning van stamgrond nie, maar sulke toekennings kan gemaak word onder die volgende uitsonderlike omstandighede:

[14] I. Schapera, *A handbook of Tswana law and custom,* pp. 150-151.
[15] W.A. Shack & P.S. Cohen (eds.), *Politics in leadership: a comparative perspective,* p. 118.

3.1. waar die vrou se man weg is vir werk en hy magtig 'n toekenning aan haar;
3.2. waar die vrou deur haar man verlaat is en haar aansoek word ondersteun deur een van haar man se of haar eie manlike familielede.

In die praktyk doen mans aansoek vir 'n toekenning van grond voordat hulle 'n huwelik oorweeg. 'n Direkte toekenning van grond word net gemaak aan ongetroude vroue wat verby die normale ouderdom van huwelik is, of wat kinders het wat onderhou moet word.[16]

Daar is geen gemeenskap van goedere tussen 'n Tswanaman en -vrou nie. Enige eiendom wat 'n vrou besit het voor haar huwelik, of bygekry het gedurende die huwelik, word nooit gesien as deel van die man se bates nie, maar moet apart na omgesien word deur hom, en sy vrou het volle reg en seggenskap daarvan. As daar 'n goeie verstandhouding is tussen die man en vrou, kan hy haar beeste vrylik gebruik, maar hy is altyd daartoe verbind om erkenning te gee dat dit haar eiendom is en nie syne nie. Sulke eiendom kan nooit opgeëis word om die man se skuld te delg nie en in die geval van 'n egskeiding, kan die vrou alles terugneem wat hare is.[17]

Dus kan daar afgelei word dat die vrou nie onder volle ekonomiese beheer van haar man is nie, dis nou te sê as die vrou bates gehad het om mee te begin. In die volgende hoofstuk word gekyk hoe die Tswanavroue in kleinskaalboerderye se grondregte teoreties verbeter het in die oorgang tot 'n nuwe sosiopolitieke bedeling in Suid-Afrika sedert 1994.

---

[16] S. Roberts, *A restatement of the Kgatla law relating to land and natural resources*, pp. 15-16.
[17] I. Schapera, *A handbook of Tswana law and custom*, p. 153.

# HOOFSTUK 3

# TEORETIESE VERBETERING VAN VROUE SE POSISIE IN KLEINSKAALBOERDERYE

In hierdie hoofstuk gaan daar aandag gegee word aan die teoretiese verandering van die posisie van die swart vrou in tradisionele gemeenskappe soos wat dit in die nuwe bedeling sedert 1994 in die Grondwet en ander wetgewing vervat word. Eerstens gaan daar gekyk word na die wetlike verandering in terme van die regte van vroue, nasionaal en internasionaal. Aandag gaan ook gegee word aan die kontrole, toepassing en bevordering van hierdie wette. Daarna gaan daar gekyk word na ander wette wat van toepassing is op die veranderende posisie van vroue in die landelike samelewing, veral wetgewing oor grondbesit en -gebruik.

## 3.1. INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Suid-Afrika se huidige geslagspolitiek het in 'n groot mate ontstaan uit twee internasionale instrumente of dokumente. Die eerste dokument is die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Eliminering van Alle Vorme van Diskriminasie Teen Vroue (United Nations Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women-CEDAW). Hierdie Konvensie, wat in 1981 in werking getree het, is in 1993 deur die Suid-Afrikaanse regering onderteken en in 1995 bekragtig.[1] CEDAW vereis van die regerings wat die dokument onderteken het, om die volgende te doen: om die beginsel van gelykheid van mans en vroue in hulle nasionale konstitusie of ander wette te erken; en om te verseker dat die beginsel van gelykheid prakties gerealiseer word.[2]

Verder verskaf CEDAW ook 'n raamwerk van hoe diskriminasie en ongelykheid aangespreek kan word, deur die stappe te verduidelik wat 'n

---

[1] Om 'n dokument te bekragtig beteken dat dit as deel van die betrokke regering se grondwet aanvaar word.

[2] Unit for Gender Research in Law Unisa, *Women and the law in South Africa: empowerment trough enlightenment*, p. 238.

regering moet neem wat die dokument aanvaar het. Die Konvensiedokument bestaan uit 30 artikels wat elkeen 'n vorm van diskriminasie teen vroue aanspreek. Vir die doel van hierdie studie is Artikel 14, wat veral handel oor landelike vroue, baie belangrik. Punt 1 van Artikel 14 van CEDAW lui as volg:

> "State Parties shall take into account the particular problems faced by rural women and the significant roles which rural women play in the economic survival of their families, including their work in the non-monetized sectors of the economy, and shall take all appropriate measures to ensure the application of the provisions of this Convention to women in rural areas."

Wat verder van spesifieke belang is, is die verwysing wat daar in punt 2(g) gemaak word na die landboubelange van die landelike vrou. Dit lui as volg:

> "To have access to agricultural credit and loans, marketing facilities, appropriate technology and equal treatment in land and agrarian reform as well as in land resettlement schemes."[3]

Die tweede belangrike internasionale dokument wat Suid-Afrika se geslagspolitiek sal bepaal tot 2005, is die Platform vir Aksie (Platform for Action) wat aanvaar is by die Verenigde Nasies se vierde Wêreldkonferensie oor Vroue in Beijing in 1995. Die prioriteitskwessies wat deur die Platform vir Aksie aangespreek word, is die volgende: (1) die geweldige toename in armoede onder vroue gedurende die vorige dekade, 'n verskynsel wat nou bekend staan as die feminisering van armoede; (2) ongelyke onderrig; (3) vroue en gesondheid en laastens (4) vroue en geweld en konflik.[4] Al hierdie kwessies raak landelike vroue in tradisionele gemeenskappe in Afrika.

Behalwe vir die Konvensie oor die Eliminering van Alle Vorme van Diskriminasie Teen Vroue wat Suid-Afrika in 1993 onderteken het, het die regering ook die Verenigde Nasies Konvensie op die Instemming tot Huwelik, Minimum Ouderdom van Huwelike en die Registrasie van Huwelike asook die

---

[3] L.A. Rehof, *Guide to the Travaux Préparatoires of the United Nations Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination against Women*, pp. 22, 151.

[4] S. Camerer, "Gender politics: an international and national perspective", *Acta Varia*, vol. 2, 1996, pp. 7-8.

Konvensie oor die Nasionaliteit van Getroude Vroue en die Konvensie oor die Politieke Regte van Vroue in dieselfde jaar onderteken. Anders as CEDAW is hierdie Konvensies nog nie deur die regering bekragtig nie. Die Konvensie oor die Politieke Regte van Vroue het in 1954 in werking getree en die doel van hierdie dokument is om die beginsel van gelyke regte vir mans en vroue te implementeer, soos gestipuleer in die Verenigde Nasies Handves. Dit erken dat mans en vroue gelyke geleenthede moet hê om hulle politieke regte uit te oefen. In 1964 het die Konvensie op die Instemming tot Huwelik, Minimum Ouderdom van Huwelike en die Registrasie van Huwelike in werking getree. Die breë doel van hierdie Konvensie, ingevolge die Verenigde Nasies Handves, is om die universele respek vir, en waarneming van, menseregte en fundamentele vryhede vir almal, ongeag ras, geslag, taal of geloof, te bevorder. Die Konvensie erken dat sekere ou wette en gebruike wat betrekking het op huwelike en die familie, teenstrydig is met die beginsels van gelykheid en fundamentele regte in die Handves. Die Konvensie oor die Nasionaliteit van Getroude Vroue het in werking getree in 1958 en erken die beginsel wat in die Universele Handves van Menseregte bevat word, naamlik dat elke persoon die reg tot 'n nasionaliteit het. Die beginsel impliseer verder ook dat persone nie sonder goeie rede van hulle nasionaliteit ontneem mag word of die reg ontsê word om hulle nasionaliteit te verander nie.[5]

### 3.2. NASIONALE PERSPEKTIEF

Die eerste aspek wat opgemerk kan word wanneer die Suid-Afrikaanse Konstitusie gelees word, is dat dit 'vroue-vriendelik' is. Dit beteken dat al die harde werk van organisasies soos die Nasionale Vrouekoalisie nie verniet was nie. Oud-President Mandela het dan immers in sy inhuldigingstoespraak, op 10 Mei 1994, die volgende oor vryheid te sê gehad:

> "... freedom cannot be achieved unless women have been emancipated from all forms of oppression. To this end we have acknowledged that the objective of our RDP will not be realised unless we see in visible and practical terms that the conditions of women in our country has

[5] Unit for Gender Research in Law Unisa, *Women and the law in South Africa: empowerment through enlightenment*, pp. 235-237.

radically changed for the better. My Government is committed to a reallocation of resources to ensure the achievement of this objective."[6]

Camerer beweer dat vroue 65% van die werk doen, 10% van die inkomste verdien en net 1% van die eiendom besit.[7] Die verbetering in die status van vroue in Suid-Afrika – ten minste in teoretiese terme – deur die konstitusionele verskansing van die gelykheid van vroue en die onwettig verklaring van diskriminasie, gebaseer op geslagtelikheid en geslag in die interimkonstitusie, het Suid-Afrika op die voorgrond van verandering geplaas. Terwyl die meeste vroue in die blanke gemeenskappe nie noodwendig gevoel het dat hulle onderdruk word nie, het hulle nietemin geïnstitusionaliseerde diskriminasie geduld. Teen swart vroue aan die ander kant, veral getroude swart vroue onder stamgebruike en onderworpe aan gewoontereg, is dubbel gediskrimineer. Hulle het steeds nie volle wetlike status gehad nie, wat beteken het dat hulle as minderjariges voor die wet gestaan het en dus nie kontrakte kon sluit of grond verkry sonder hulle mans se bystand en goedkeuring nie. Hulle is selfs verhinder om vaste eiendom te erf.[8]

In 1992 is die bal aan die rol gesit deur die ANC Vroueliga wat in samewerking met baie ander vrouegroepe in die land, die Nasionale Vrouekoalisie tot stand laat kom het. Die Vrouekoalisie het 'n Handves van Vroueregte geformuleer en aangeneem, maar in essensie was hulle doel eintlik tweeledig. Aan die een kant het hulle betrokke geraak in 'n politieke veldtog wat vroue op kiesersvlak wou mobiliseer en opvoed oor die kwessies wat hulle raak. Aan die ander kant wou hulle die nasionale politieke skryfproses van die konstitusie beïnvloed.[9]

By die eerste rondte van konstitusionele onderhandelings by die Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) in 1992, was daar baie min vroue

---

[6] S. Camerer, "Gender politics: an international and national perspective", *Acta Varia,* vol. 2, 1996, p. 13.

[7] S. Camerer, "Gender politics: an international and national perspective", *Acta Varia,* vol. 2, 1996, p. 2.

[8] S. Camerer, "Gender politics: an international and national perspective", *Acta Varia,* vol. 2, 1996, pp. 3-4.

[9] C. Albertyn, "Women and the transition to democracy in South Africa", C. Murray (ed.), *Gender and the new South African legal order,* p. 51.

onder die afgevaardigdes.[10] Vroue van alle politieke partye het hieroor geprotesteer en uiteindelik, aan die begin van April 1992, is die Geslagsadvieskomitee gevestig om twee vroulike afgevaardigdes in elk van die 19 afvaardigings in te sluit. Alhoewel dit basies net was om vroue mee stil te maak, het die vroue hulle nie so maklik laat onderkry nie en gesorg dat hulle wel deel bly van die onderhandelings en sodoende aan Suid-Afrika te bewys dat dinge besig was om wel te verander. Op een seëvierende geleentheid het die vroue saamgestaan teen die aanslag van die tradisionele leiers oor die gelykheidsklousule in die Handves van Regte. Die Handves waarborg die algehele gelykheid van almal voor die wet, mans sowel as vroue. Die tradisionele leiers wou gewoontereg isoleer van hierdie klousule, maar hulle het daarin gefaal. Een van die byvoordele hiervan was dat die Handves van Regte net nog meer geslagsvriendelik gemaak is.[11]

In hoofstuk 2 van die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie, Wet 4 van 2000, onder punt 8, word daar gestipuleer dat 'onderhewig aan afdeling 6, mag daar nie onregverdig teen enige persoon/persone gediskrimineer word op gronde van geslag nie. Dit sluit nege punte in waarvan punt (c) en (e) vir hierdie studie van belang is. Punt (c) stipuleer dat die stelsel wat vroue verhoed om familiegrond te erf, nie teen vroue mag diskrimineer nie, en punt (e) stipuleer dat geen beleid of optrede toegelaat mag word wat vroue se toegang tot grondregte, finansies en ander hulpbronne onregverdig beperk nie.[12]

## 3.3. KONTROLE, TOEPASSING EN BEVORDERING

Kontrole en toepassing deur die howe is die beste manier om te verseker dat die Handves van Regte gerespekteer word en dat 'n persoon se regte toegepas word. Alhoewel dit die beste manier is om menseregte mee te

[10] C. Albertyn, "Women and the transition to democracy in South Africa", C. Murray (ed.), *Gender and the new South African legal order,* p. 54; Unit for Gender Research in Law Unisa, *Women and the law in South Africa: empowerment through enlightenment*, p. 222.
[11] S. Camerer, "Gender politics: an international and national perspective", Acta Varia, vol. 2, 1996, p. 5.
[12] South Africa (Republic), "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000", *Government Gazette*, vol. 136, no. 20876, 9 February 2000, p.7.

beskerm, maak die Konstitusie self ook voorsiening vir ander 'toepassingsmeganismes'. Hulle sal net vlugtig genoem word met 'n kort beskrywing van hulle funksie(s):

1. die Openbare Beskermer: sy of haar hooffunksie is om ondersoek in te stel na klagtes oor publieke amptenare en om die probleem op te los aangaande hulle;
2. die Menseregtekommissie: die Kommissie se hooftaak is om op te tree as 'n beskermer ('waghond') van fundamentele/menseregte. Enige klag aangaande fundamentele regte kan by hierdie Kommissie ingedien word;
3. die Kommissie vir Geslagsgelykheid: die doelwit van hierdie instansie is om respek vir geslagsgelykheid te bevorder asook die ontwikkeling, beskerming en verkryging van geslagsgelykheid; en
4. die Kommissie op die Restitusie van Grondregte: hierdie Kommissie se taak is om dispute oor grondeise op te los en waar nodig, verslae voor te berei oor eise vir oorweging deur 'n hof.

Die regterlike gesag bly die hoofbeskermer en 'waghond' van die fundamentele/menseregte. Die ander liggame wat deur die Konstitusie ondersteun word, speel egter ook 'n belangrike rol.[13]

Deur net gelykheid geskrewe in die Konstitusie te hê is nie genoeg nie, die praktiese bevordering daarvan moet ook plaasvind. Die 'nasionale masjinerie' is 'n netwerk van strukture, beide binne en buite die Regering, wat saam 'n geslagsbeleid moet skep wat daarop gemik is om die land te hervorm. Die doel van die nasionale masjinerie is om 'gelykheid vir vroue as deelnemers, besluitmakers en begunstigdes in die politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese sfere, te verkry'. Dit moet op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke funksioneer.[14]

---

[13] Unit for Gender Research in Law Unisa, *Women and the law in South Africa: empowerment through enlightenment*, p. 234.

[14] Unit for Gender Research in Law Unisa, *Women and the law in South Africa: empowerment through enlightenment*, p. 245.

Vroeër in hierdie hoofstuk is daar vlugtig melding gemaak van die Kommissie vir Geslagsgelykheid, maar dit is nodig om in meer detail na hierdie Kommissie te kyk, wat die funksies daarvan is en die werking daarvan. Die Kommissie vir Geslagsgelykheid is gevestig deur die Wet op die Kommissie vir Geslagsgelykheid, Wet 39 van 1996. Die doelwitte van die Kommissie is: (1) om geslagsgelykheid te bevorder; en (2) om die Parlement te adviseer en aanbevelings te maak daaromtrent asook aan enige ander wetmakende liggame oor enige wette of voorgestelde wette wat geslagsgelykheid en die status van vroue kan affekteer.

Die Konstitusie lys die Kommissie vir Geslagsgelykheid as een van die staatsinstansies wat konstitusionele demokrasie ondersteun en skryf voor dat 'dit die respek vir geslagsgelykheid moet bevorder asook die ontwikkeling, beskerming en behoud van geslagsgelykheid'. Wat die Kommissie meer kragtig maak as ander van sy soort, is dat vir die doel daarvan om sy magte en funksies uit te oefen onder die Wet, het die Kommissie wye magte van deursoeking en betreding van eiendom. Enige lid van die Kommissie of 'n polisie-offisier mag enige persoon ondersoek of enige eiendom betree en ondersoek waar enige iets is wat verband kan hou met 'n ondersoek of wat onder verdenking is.[15]

### 3.4. WETTE TEN OPSIGTE VAN GRONDBESIT

In Suid-Afrika, meer as in ander Afrikalande, is die stelsel van privaat eienaarskap van grond dominant. Dit is nie net omdat die meeste grond privaat besit word nie, maar omdat die ekonomiese en finansiële stelsel op hierdie uitgangspunt gebaseer is en nie gerig is op ander vorme van grondregte nie.[16] Swart landelike vroue se toegang tot grond is onlosmaaklik verbind aan hulle tradisionele gebruike. Hierdie tradisionele gebruike dikteer hulle sosiale waardes, houdings en stereotipering in die gemeenskap. Soos

[15] Unit for Gender Research in Law Unisa, *Women and the law in South Africa: empowerment through enlightenment*, p. 245; South Africa (Republic), "Commission on Gender Equality Act, 1996", *Government Gazette*, vol. 373, no. 17341, 24 July 1996, p. 15.

[16] A. Claasens, "Land tenure reform and rural livelihoods in Southern Africa", C. Toulmin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, p. 251.

reeds genoem mag heelwat vroue in tradisionele landelike gemeenskappe nie grond besit het nie en dit is hoekom die regering hierdie groep van die samelewing seker die meeste uitgesonder het in die opstel van hulle beleid.

Die Wet op die Herstel van Grondregte was een van die eerste wette wat na die verkiesing in April 1994 aangeneem is. Herverdeling van grond het in 1994 afgeskop met 'n nasionale gidsprogram. Teen laat-1999 het omtrent 50,000 huishoudings, deur middel van regeringsubsidies, landelike grond verkry in voormalige blanke gebiede. Die regering het hervorming van eiendomsreg hoofsaaklik bekendgestel op privaat grond, maar op ander gebiede het dit egter agterweë gebly.

In 1996 is die Wet op die Tussentydse Beskerming van Informele Grondregte aangeneem as 'n korttermyn maatreël om mense met informele regte en belange te beskerm teen uitsetting, totdat daar meer komprehensiewe grondbesitwetgewing, soos die voorgestelde Grondregte Wetsontwerp, in plek was. Die voorgestelde wet het daarna gemik om voorsiening te maak vir verreikende grondbesithervorming in die landelike gebiede van die voormalige tuislande, deur die herroeping van die vele en gekompliseerde apartheidswette wat verwant was aan grondadministrasie. Dit sou geskied deur grondbesit kragtens die gewoontereg te erken en die grondbesitwetgewing in lyn te bring met die Konstitusie. Dit moes voorsiening maak vir die oordrag van eiendomsregte vanaf die Staat na die *de facto* eienaars. Die regte sou berus by die mense, nie by instansies soos tradisionele gesag of munisipaliteite nie. Die voorgestelde wet sou die waarde van beide die individu en die gemeenskaplike stelsel erken en sou voorsiening maak vir die vrywillige registrasie van individuele regte binne die gemeenskaplike stelsel. Waar regte op 'n groepsbasis bestaan het, sou hulle uitgevoer word dienooreenkomstig die groepsreëls en die mede-eienaars sou die liggame wat hulle grondregte sou bestuur, kon kies. Die beoogde wet sou neutraal wees oor die kwessies van die tradisionele gesag, deur hulle te ondersteun waar hulle populêr en funksioneel was en op plekke waar dit nie die geval was nie, die mense toe te laat om hulle te vervang.

In Junie 1999 het die nuwe President van Suid-Afrika, meneer Thabo Mbeki, 'n nuwe Kabinet aangewys, insluitende 'n nuwe Minister van Landbou en Grondsake, wat werk aan die eiendomsregvoorstelle binne die Grondregte Wetsontwerp stopgesit het. In Februarie 2000 het die Minister egter opdrag gegee dat die Ministerie en die Departement oorkoepelende wetgewing moet opstel, waarin die problematiese wetgewing op die statuutboeke uitgesorteer sal word en waar daar voorsiening gemaak sal word vir die konsiliasie en rasionalisasie van die grondbesitstelsels in terme van eiendomsreg en statutêre regte.[17]

Daar moes 'n raamwerk ontwikkel word wat voorsiening sou maak vir, onder andere, die oordrag van grond na "stamme" toe. Die Departement van Grondsake het drie groot programme in gedagte gehad. Die eerste is herverdeling, wat spesifiek sou fokus op arm swart mense wat grond wil verkry in die areas wat voorheen vir blankes gereserveer was[18], deur dit vir hulle moontlik te maak om die grond te koop met behulp van 'n Vestigings-/Grondverkrygingtoekenning.[19] Die tweede is restitusie, wat daarop sou mik om mense te hervestig op die grond van waar hulle verwyder is[20] as gevolg van rasdiskriminerende wette wat sedert 19 Junie 1913 in werking gestel is.[21] Die derde is grondbesithervorming, wat daarop gemik sou wees om die aard van grondregte in die hele land te verander, met ander woorde hoe om die Westerse stelsel van eiendomsreg, gebaseer op eksklusiewe eienaarskap en registrasie, met die meer buigbare en prosesgedrewe Afrikastelsel van relatiewe regte te vereenselwig.[22] Die grondhervormingsprogramme is dus daarop gemik om voorsiening te maak vir beskermde vorme van eiendomsreg,

[17] M. Adams, S. Sibanda & S. Turner, "Land tenure reform and rural livelihoods in Southern Africa", C. Toulmin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, p. 142.

[18] A. Claasens, "Land tenure reform and rural livelihoods in Southern Africa", C. Toulmin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, pp. 247-248, 251.

[19] C. Cross & D. Hornby, (eds.), Republic of South Africa: *Opportunities and obstacles to women's land access in South Africa*, http://www.nlc.co.za/pubs2003/womenlandaccess/wlatoc.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[20] A. Claasens, "Land tenure reform and rural livelihoods in Southern Africa", C. Toulmin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, pp. 247-248, 251.

[21] C. Cross & D. Hornby, (eds.), Republic of South Africa: *Opportunities and obstacles to women's land access in South Africa*, http://www.nlc.co.za/pubs2003/womenlandaccess/wlatoc.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[22] A. Claasens, "Land tenure reform and rural livelihoods in Southern Africa", C. Toulmin & J. Quan (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa*, pp. 247-248, 251.

te help om eiendomsreggeskille op te los en om toekennings te maak om mense te voorsien van beskermde eiendomsreg.[23]

Hierdie drie grondhervormingsprogramme is die grondslag van die grondhervormingsbeleid en moet dus in meer detail bespreek word. Daar sal ook gekyk word na hoe dit vroue beïnvloed en hoe hulle al hierby baat gevind het of nie.

Die eerste van die programme wat bespreek gaan word is herverdeling van grond. Die doel van grond herverdeling, soos reeds genoem, is om aan die armes toegang tot grond te verskaf vir residensiële en produktiwiteitsdoeleindes, sodat hulle hul inkomste en lewenskwaliteit kan verbeter. Die program mik daarop om die armes, woonarbeiders, plaaswerkers, vroue en ook opkomende boere by te staan. Herverdelende grondhervorming sal grootliks gebaseer wees op gewillige-koper-gewillige-verkoperooreenkomste. Die regering sal bystand bied in die koop van grond maar oor die algemeen sal hy nie die koper of eienaar daarvan wees nie. Die regering sal eerder grondverkrygingstoekennings beskikbaar stel en ondersteuning bied in die finansiering van die vereiste beplanningsproses. In baie gevalle word daar van die gemeenskappe verwag om hulle hulpbronne te konsolideer om te onderhandel en dan die grond te koop en gesamentlik eienaars te wees van die grond onder 'n formele eiendomsbewys.[24]

Geslagsaktiviste wat oor grondherverdeling werk, argumenteer dat arm landelike voue baie min voordeel getrek het uit die grondherverdelingsprogram tot dusver. Hulle het dieselfde teëspoed as hulle manlike eweknieë ervaar, maar addisioneel moet hulle ook besondere geslagspesifieke hindernisse hanteer.[25] Hierdie siening word ondersteun deur die program vir die Bevordering van Vroue se Toegang tot Grond (Promoting Women's Access to

---

[23] C. Cross & D. Hornby, (eds.), Republic of South Africa: *Opportunities and obstacles to women's land access in South Africa*, http://www.nlc.co.za/pubs2003/womenlandaccess/wlatoc.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[24] Department of Land Affairs, Republic of South Africa: *White paper on South African land policy*, 1997, http://www.polity.org.za/html.govdocs/white papers/ [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[25] National Land Committee, Republic of South Africa: *Land redistribution*, http://www.nlc.co.za/mdredis.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

Land - PWAL). In hulle navorsing is daar bevind dat die geslagspesifieke hindernisse aspekte is soos die tradisionele beperkinge op vroue se onafhanklike besit van grond; die lae self-beeld van hierdie vroue as gevolg van hulle kulturele gebruike wat veroorsaak dat hulle skugter is en nie gewillig is om die mans se gesag uit te daag nie; die tradisionele beginsels van grondtoekenning en die optrede van manlike leiers om vroue te verhoed om aan grondhervorming deel te neem.[26]

Die realiteit van die saak is dat die tradisionele gebruike van hierdie landelike gemeenskappe, en veral die mans, in 'n meerdere of mindere mate hierdie prosesse vertraag omdat dit die jarelange gebruike van hierdie swart stamme was en omdat die mans bang is hulle verloor hulle magsposisie in die samelewing asook in hulle eie huishoudings.

Die tweede van die grondhervormingsprogramme wat bespreek gaan word, is grondrestitusie. Die doel van die restitusiebeleid is om grondbesit te herstel, asook om ander oplossings te verskaf aan mense wat van hulle grond onteien is deur rasdiskriminerende wette en grondpryse. Restitusie is 'n integrale deel van die breër grondhervormingsprogram en is nou verbind met die behoefte vir die herverdeling van grond asook grondhervorming. Die Wet op die Herstel van Grondregte, Wet 22 van 1994, en die Konstitusie verskaf 'n wetlike raamwerk vir die resolusie van grondeise teen die staat. Die restitusiebeleid word gelei deur die beginsels van regverdigheid en geregtigheid. Hierdie beginsels vereis ook 'n restitusiebeleid wat die breër ontwikkelingsbelange van die land in ag neem en verseker dat die beperkte staatshulpbronne op 'n verantwoordelike manier gebruik word.[27]

---

[26] C. Cross & D. Hornby, (eds.), Republic of South Africa: *Opportunities and obstacles to women's land access in South Africa*, http://www.nlc.co.za/pubs2003/womenlandaccess/wlatoc.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[27] South Africa (Republic), "Restitution of Land Rights Act, 22 of 1994", *Government Gazette*, vol. 2011, no. 16106, 25 November 1994, p. 2; Department of Land Affairs, Republic of South Africa: *White paper on South African land policy*, 1997, http://www.polity.org.za/html.govdocs/white_papers/ [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

As gevolg van die patriargale aard van grondeienaarskap en besetting in die verlede, is die meerderheid mense wat van hulle grond onteien was, mans. Daar is dus 'n inherente spanning in die restitusieprogram tussen die regering se verbintenis om die regte van vroue te bevorder en hulle verbintenis tot die herstel van regte. Vroue word nie uitgesluit of verhinder om deel te neem aan die restitusieprogram nie en sommige vroue verteenwoordig hulself as eisers, beide in hulle eie reg en as lede van onteiende gemeenskappe. Die praktyk het egter gewys dat vroue by verre deur mans in getal oortref word. Dit is gewoonlik die mans – seuns, broers of ooms – wat hulle self voorstel as die regmatige verteenwoordigers van die familie en die weduwees, susters en dogters neem 'n minder prominente posisie in. Verdere ondersoek het bewys dat vroue minder geneig is om verteenwoordig te word op gemeenskapgebaseerde organisasies wat eisergroepe verteenwoordig en daarom nie in die posisie is om vrouebelange beter te verteenwoordig in die restitusieproses nie.[28]

Grondbesithervorming is die laaste gedeelte van grondhervorming wat bespreek gaan word. Dit is 'n gekompliseerde proses, en behels die belange in grond en die vorm wat hierdie belange moet aanneem. In Suid-Afrika moet grondbesithervorming moeilike probleme wat in die verlede geskep is, aanspreek.[29] Die landelike swart gebiede in Suid-Afrika word gekenmerk deur 'n verskeidenheid vorme van grondbesit of stelsels wat geskep is deur die interaksie tussen inheemse gemeenskaplike eiendomstelsels, moderne Westerse stelsels van individuele eienaarskap en grondbesitstelsels wat ingestel is deur die staat vir politieke doeleindes. Hierdie interaksie het uitgeloop op 'n reeks verskillende grondbesitstelsels wat erfpag, kommunale eiendomsreg/besitreg en huur insluit.[30] Die oplossing vir hierdie probleme kan

[28] National Land Committee, Republic of South Africa: *Land restitution*, http://www.nlc.co.za/mdredis.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].
[29] Department of Land Affairs, Republic of South Africa: *White paper on South African land policy*, 1997, http://www.polity.org.za/html.govdocs/white_papers/ [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].
[30] National Land Committee, Republic of South Africa: *Tenure reforms*, http://www.nlc.co.za/mdtenref.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

dalk nuwe stelsels van grondbesit, grondregte en vorme van eienaarskap behels en daarom verreikende gevolge hê.[31]

Grondbesit, "land tenure" in Engels, is afkomstig vanaf 'n latynse term wat 'besit' of 'in besit wees van' beteken en grondbesitreg beteken die terme waarop die grond gehou word of die regte en verpligtinge wat die houer van die grond het. Dit is 'n wetlike term en beteken die reg om grond te hou, eerder as die eenvoudige feit van die besit van en in besit wees van grond. Grondbesithervorming is 'n element in 'n wyer proses van grondhervorming en word algemeen gebruik om die wetlike hervormings wat deur die staat of plaaslike gemeenskappe onderneem word, te beskryf. Dus kan daar gesê word dat grondbesithervorming verwys na 'n beplande verandering in die terme en voorwaardes waarop grond gehou word, gebruik word en hoe daaroor onderhandel word.[32]

Nog 'n belangrike wet wat grondbesit hanteer, is in 1996 deur die Parlement aanvaar. Hierdie is die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, Wet 28 van 1996. Die uitgangspunt daarvan is om die gemeenskappe in staat te stel om regspersone te vorm, wat bekend staan as kommunale eiendomsassosiasies. Die doel van hierdie eiendomsassosiasies is om grond te verkry, te besit en te bestuur op 'n basis wat ooreengekom is deur al die lede van die gemeenskap in terme van 'n geskrewe konstitusie, en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.[33] In kort beteken dit dat daar voorsiening gemaak word vir 'n manier waardeur mense wat grond gesamentlik en in groepe wil besit, hulle eie grondbesit kan organiseer.

Een van die sleutelkenmerke van 'n grondbesitstelsel is die reëls wat vasstel wie eintlik toegang tot die grond mag kry. Terwyl daar enorme variasies is van een kommunale stelsel tot die volgende, kwalifiseer vroue gewoonlik nie om

[31] Department of Land Affairs, Republic of South Africa: *White paper on South African land policy*, 1997, http://www.polity.org.za/html.govdocs/white_papers/ [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[32] National Land Committee, Republic of South Africa: *Tenure reforms*, http://www.nlc.co.za/mdtenref.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

[33] South Africa (Republic), "Community Property Association Act 28 of 1996", *Government Gazette*, vol. 1212, no. 14341, 24 July 1996, p. 3. http://www.gov.za/gazette/acts/1996/a28-96.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

grond onafhanklik te besit van mans nie. Die reëls van toegang en erfenis is geneig om mans te bevoordeel teenoor vroue en vroue met kinders teenoor vroue daarsonder. Onder stam- en kommunale grondbesitstelsels word verskillende kategorieë van vroue verskillend behandel. Die regte van weduwees is geneig om sterker te wees waar die weduwee ouer is met kinders. In die praktyk egter verskil dit dikwels van een familie tot die volgende en daar was al gevalle aangeteken waar weduwees geforseer is om hulle eiendom te ontruim en hulle grondbesit in te boet aan die manlike lede van die familie. In die geval van enkel vroue is daar 'n groot variasie in ondervindings. Baie stam- en kommunale grondbesitstelsels is baie meer buigbaar in hulle toekenningsprosedures en enkel vroue kry al hoe meer regte tot 'n residensiële plot. Die toekenning van ploeg-landerye aan enkel vroue word egter nog steeds verbied. Weereens, die praktyk verskil van een gemeenskap tot die volgende en ook van een familie tot die volgende. In baie gemeenskappe word vroue (selfs dié met kinders) verbied om toegang tot grond te kry vir residensiële en produksiedoeleindes. Hulle bly afhanklik van hulle manlike familielede om toegang tot grond te verkry. In die geval van getroude vroue, word die regte gewoonlik eksklusief deur die man bemiddel, omdat hy as die hoof van die huishouding gesien word. Dit is baie raar dat 'n getroude vrou kwalifiseer vir 'n grondtoekenning onafhanklik van haar man.[34]

Met hoë vlakke van migrasie uit baie landelike gebiede, word vroue dikwels die *de facto* eienaars, gebruik die grond en maak besluite aangaande die grond, asof hulle die geregistreerde eienaars daarvan is. Dikwels word vroue gekortwiek in hulle besluitnemingskapasiteit deur die vereiste dat sy haar man se toestemming moet kry vir belangrike besluite, maar ook is haar vermoë om hulpbronne te kry vir die produktiewe gebruik van die grond dikwels beperk as gevolg van haar swakker regte. Vroue word ook dikwels uitgesluit van die strukture van gesag wat die toegang tot, en gebruik van, grond binne die kommunale grondbesitstelsel reguleer. In die meeste kommunale areas word toegang tot grond gewoonlik beheer deur 'n komiteestruktuur soos 'n

---

[34] National Land Committee, Republic of South Africa: *Tenure reforms,* http://www.nlc.co.za/mdtenref.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].; South Africa (Republic), "Community Property Associations Act, 28 of 1996", vol. 849, no. 17205, 22 May 1996, p. 3.

stamgesag of gemeenskapsraad. In baie gemeenskappe verteenwoordig hierdie strukture nie alle belangegroepe in die gemeenskappe nie en baie funksioneer nie demokraties nie. In die toekenning van grond is stamgesag geneig om te diskrimineer op gronde van geslag, huwelikstatus, oorsprong en stamgroep bloedverwantskap.[35]

Vroue se posisie in Suid-Afrika het definitief teoreties verbeter, veral die posisie van swart landelike vroue. In die vorige bedeling was hulle dié groep mense wat die slegste daaraan toe was. Nou word daar spesiale voorsiening vir hulle gemaak en dit word weerspieël in Suid-Afrika se wetgewing. Alhoewel dit duidelik was uit hierdie hoofstuk dat die teoretiese verbeteringe wel plaasgevind het, moet daar nog vasgestel word of hierdie veranderinge deurgesypel het tot op die plaaslike vlak. Dit sal in die volgende hoofstuk gedoen word.

[35] National Land Committee, Republic of South Africa: *Tenure reforms*, http://www.nlc.co.za/mdtenref.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

# HOOFSTUK 4
# PRAKTIESE SITUASIE VAN VROUE IN KLEINSKAALBOERDERYE

## 4.1 INLEIDING

Hoofstukke 2 en 3 bestaan uit die teoretiese studie en dien as 'n agtergrond vir die empiriese studie. Hierdie hoofstuk hanteer die empiriese studie en dit vorm die kern van die skripsie. Die oorhoofse doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel, deur middel van antwoorde verkry op vraelyste en opvolgvrae, of Tswanavroue bewus is van die wetlike veranderinge na 1994 en of dit al tot op grondvlak deurgesypel het.

Die literatuurstudie is gedoen gedurende Januarie tot einde Maart 2002 om sodoende 'n teoretiese bewustheid te vorm van vroue en die grondwet, deur verskeie vorme van literatuur te bestudeer. Teen April 2002 is die vraelys ontwikkel, wat die navorsingsinstrument van die empiriese studie is. Die empiriese ondersoek is gedurende April 2002 gedoen. Dit is gevolg deur die statistiese analise van die navorsingsdata, die evaluering en interpretering van die resultate en die voorbereiding van die skripsie. Opvolgonderhoude is onderneem gedurende Mei 2003.

## 4.2 ONTWERP

'n Gestruktureerde vraelys is gebruik vir fase een en in fase twee is semi-gestruktureerde onderhoude gebruik.

## 4.3 DEELNEMERS

Die voorvaders van die Tswana het al eeue gelede na hierdie gebied toe getrek. Die meeste van die inwoners van hierdie omgewing behoort aan die Bahurutshe groep, een van die hooftakke van die Sotho-Tswana. Tot en met 1994 was Lehurutshe deel van 'Bophuthatswana', wat beteken 'die plek waar

die Tswana byeenkom'. Hierdie gebied kry gemiddeld 500-600 mm reënval 'n jaar. Dit beteken dat hierdie 'n semi-woestynagtige gebied is. Droogtes is die reël hier, eerder as die uitsondering.

Aangesien Mantsie 'n klein gemeenskap is, is daar met die hoofman onderhandel om soveel as moontlik van hierdie gemeenskap se vroue byeen te kry op 'n maandelikse landbouforumvergadering. Nadat daar vasgestel is hoeveel vroue die maandelikse landbouforumvergaderings bywoon, is daar besluit om met 60 vroue onderhoude te voer.

## 4.4 METINGSINSTRUMENT

'n Vraelys om die aard en vlak van bewustheid onder die Tswanavroue van Mantsie, ten opsigte van grondhervorming vas te stel, is ontwikkel in konsultasie en samewerking met my studieleier. Geldigheid van die inhoud is vasgestel deur konsultasie met kenners in hierdie spesifieke veld en die betroubaarheid van die inhoud moet verder getoets word deur toekomstige navorsing.

Sien bylaag 1 vir 'n kopie van die Engelse weergawe van die vraelys en bylaag 2 vir 'n kopie van die Engelse weergawe van die onderwerpslys vir die semi-gestruktureerde onderhoude.

## 4.5 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

In hierdie vraelys is daar spesifiek gekonsentreer op vroue en hulle betrokkenheid in kleinskaalboerderye. Deur middel van die vraelys wou daar vasgestel word of hulle grond en beeste besit, hoe dit gebeur het dat hulle dit wel gekry het, of daar genoegsame water is, watter ouderdomsgroep die aktiefste is in die landbou-aktiwiteite en of die praktiese situasie al by die wetlike veranderinge aangepas het.

*Tabel 1 Verdeling van vraelys inhoud*

| **Afdeling** | **Vraelys inhoud** | **Vraag nommer** | **Tipe vraag** |
|---|---|---|---|
| Grondinligting | Bewerking van grond | 1 | Keusevraag |
| Grondinligting | Besit van grond | 2 | Keusevraag |
| Biografiese inligting | Ouderdom | 3 | Keusevraag |
| Biografiese inligting | Huwelikstatus | 4 | Keusevraag en ander |
| Grondinligting | Verkryging van grond | 5 | Keusevraag en ander |
| Grondinligting | Grondgebruik | 6 | Keusevraag en ander |
| Grondinligting | Hoeveelheid grond | 7 | Keusevraag en spesifiseer |
| Grondinligting | Afstand van grond vanaf woning | 8 | Keusevraag en spesifiseer |
| Waterinligting | Beskikbaarheid van water | 9 | Keusevraag en spesifiseer |
| Waterinligting | Afstand van water vanaf grond | 10 | Keusevraag en ander |
| Vee-inligting | Besit van beeste | 11 | Keusevraag |
| Vee-inligting | Hoe die beeste bekom is | 12 | Keusevraag en ander |
| Gewasse-inligting | Tipe gewasse wat aangeplant word | 13 | Keusevraag en ander |
| Gewasse-inligting | Verkoop van die gewasse | 14 | Keusevraag |
| Gewasse-inligting | Aanwending van die geld van die gewasse | 15 | Keusevraag en ander |
| Grondinligting | Wie die grond bewerk | 16 | Keusevraag en ander |
| Tradisionele inligting | Grondbesit van ongetroude vroue | 17 | Keusevraag |
| Tradisionele inligting | Redes hoekom ongetroude vroue nie grond mag besit nie | 18 | Keusevraag en ander |
| Tradisionele inligting | Weduwee se grondbesit | 19 | Keusevraag en ander |

## 4.6 PROSEDURE

Die volgende prosedure is gebruik in die toepassing van die vraelys:

Die vraelys is in boekvorm voorberei. Die eerste fase het onderhoude aan die hand van die gestruktureerde vraelys behels, wat in oorleg met die studieleier opgestel is en in Setswana vertaal is. Hierdeur moes die praktiese situasie van die vroue se landbou-aktiwiteite vasgestel word. Onderhandelings hieroor is met die landbouvoorligtingsbeampte van die gebied en die landboukomitee van Mantsie afgehandel. Toestemming vir die onderhoude is van sowel die Kgosana (hoofman) as die Landbouforum van Mantsie verkry. Daar is besluit om van toevalmonsters gebruik te maak en die Kgosana het met die vroue gereël vir die onderhoude.

Die veldwerk is gedoen deur twee spanne van twee lede elk. In elke span was daar 'n tolk sowel as 'n persoon wat die antwoorde afneem. Elk van die spanne het 30 vraelyste afgeneem en al die vraelyste is gekontroleer om te verseker dat elke vraag beantwoord is. Twee van die vraelyste het verlore geraak, dus is daar by elke antwoord 'n verlore frekwensie van twee. Gedurende die tweede empiriese fase, wat die semi-gestruktureerde vrae bevat het, is daar besluit om slegs van een span veldwerkers gebruik te maak. Hierdie span het ook uit twee persone bestaan, een wat die tolking behartig het en die ander wat die antwoorde afgeneem het. Daar is besluit om slegs van 10 vroue se hulp gebruik te maak, aangesien daar net 'n paar aspekte was wat duidelikheid vereis het.

## 4.7 STATISTIESE ANALISE


Met behulp van die Statistiese Konsultasiediens van die P.U. vir C.H.O. is die data wat verkry is in detail geanaliseer. Die kwantitatiewe analise impliseer dat die persentasie (frekwensie) van vroue wat elke opsie van elke vraag gekies het, bereken is. In die geval waar hulle 'n ander opsie kon spesifiseer, is hierdie antwoorde gelys, genommer en die frekwensie hiervan is ook kwantitatief vasgestel op dieselfde manier as die keusevrae.

## 4.8 RESULTATE EN INTERPRETASIES

Vervolgens word die resultate van die empiriese studie gegee deur 'n kwantitatiewe (statistiese) en kwalitatiewe analise van die vrae van die respondente. In die geval van die gestruktureerde vraelys, word die vraag voorsien, die persentasies van die antwoorde op die vraag word aangedui in grafiekvorm of tabelvorm en 'n interpretasie van die resultate word gegee. In die geval van die ongestruktureerde onderhoude, word die vraag gegee, die respondente se antwoorde daarop en moontlike interpretasies daarvan.

**Vraag1: Bewerk jy grond?**


*Grafiek 1 Bewerking van grond*




'n Totaal van 87% van die respondente bewerk grond en dit kan geïnterpreteer word om te bevestig dat vroue wel grond bewerk. 'n Skrale 2% van hulle besit grond maar bewerk dit nie en dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n aantal faktore soos ouderdom, ligging van grond, reënval ensomeer. Slegs 8% van die respondente bewerk nie grond nie. Moontlik is dit omdat hulle nie grond in hulle familie gehad het nie of nie daarin belangstel om grond te besit of te bewerk nie.

**Vraag 2: Is dit jou eie grond?**


*Grafiek 2 Besit van grond*




Twee en sewentig persent van die respondente besit hulle eie grond en 22% van hulle besit nie grond nie.[1] Dit kan 'n aanduiding wees dat vroue in hierdie gemeenskap die reg het om hulle eie grond te mag besit. Die 3% wat op die vorige vraag nee geantwoord het bewerk glad nie grond nie, dus besit hulle ook nie hulle eie grond nie. Dit kan weer eens as gevolg van 'n aantal faktore soos die beskikbaarheid van geld, ouderdom, ensomeer wees.

**Vraag 3: Hoe oud is jy?**

*Grafiek 3 Ouderdom*





[1] Let wel, "besit" van grond beteken in hierdie konteks nie individuele eiendomsreg kragtens 'n titelakte onder die Westerse gemenereg nie, maar die gebruiksreg van 'n bepaalde stuk grond in 'n gebied onder kommunale grondbesit van 'n stam kragtens gewoontereg.

Dit blyk dat die grootste persentasie, dit wil sê 30%, van die respondente wat grond besit en bewerk, ouer as 60 jaar is. Vir hierdie vroue is dit moontlik deel van die ou tradisies en hulle het nie die geleentheid gehad om ander beroepe na te volg nie. Die tweede aktiefste groep is vroue tussen die ouderdomme van 20-29 jaar, wat 18% van die respondente uitmaak. Die persentasie van 15% van die vroue tussen 30-39 jaar en 12% van die vroue tussen 50-59 jaar maak die derde groep uit. Die groep wat egter die minste hulle grond bewerk, is die 10% van die vroue tussen 40-49 jaar oud. Die feit dat daar minder vroue in die 30-60 ouderdomsgroep is wat landbou beoefen, kan dalk daarop dui dat hulle wel werksgeleenthede buite die landbou beoefen. Dit is dus duidelik dat die vroue ouer as 60 jaar en tussen 20-29 jaar, die aktiefste groepe in die gemeenskap is as dit by landbou kom. Die feit dat die laasgenoemde groep ook baie aktief is in die landbou kan te wyte wees aan die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika. Landbou bied 'n meer stabiele vorm van inkomste in so 'n geval.

**Vraag 4: Is jy getroud?**


*Grafiek 4 Huwelikstatus*




Die grootste groep respondente wat grond bewerk, naamlik 52%, is nie getroud nie. Dit kan daarop dui dat vroue nie nodig het om getroud te wees om grond te mag besit of bewerk nie. Slegs 27% van die vroue wat getroud is, besit grond en 18% van die vroue wat grond besit, is weduwees. Weer eens dui dit daarop dat vroue in hierdie gemeenskap nie nodig het om getroud te wees om grond te mag besit of bewerk nie.

**Vraag 5: Hoe het jy die grond gekry?**

*Grafiek 5 Verkryging van grond*




Slegs 8% van die respondente het hulle grond gekry toe hulle getrou het, met ander woorde op die tradisionele manier. Nog 'n tradisionele manier om grond te verkry in die Tswanakultuur, is deur dit te erf en 22% van die vroue het hulle grond op hierdie manier verkry. Dus het net 30% van die respondente hulle grond op die tradisionele manier verkry. Die 12% wat hulle grond by die regering gekry het, kan daarop dui dat dit moontlik deel van die nuwe grondhervormingsprogram is soos restitusie, omdat die vorige regering dalk hierdie mense van hulle grond af verwyder het of dat dit deel was van 'n heropbouingskema van die huidige regering. Die 46% wat hulle grond by die tradisionele leier gekry het, dui daarop dat vroue ook grond kan besit en op dieselfde basis dit kan kry as wat mans dit kan kry. So ook die 5% van die vroue wat hulle grond gekoop het. Hierdie groep kan weer daarop dui dat die wetlike veranderinge wel deurgesypel het na tradisionele gemeenskappe. Of dat hierdie gemeenskap moes aanpas by hulle geografiese realiteit en die feit dat daar nie genoeg mans in die gemeenskap is nie. 'n Persentasie van 2% leen tans die grond wat hulle bewerk en kan daarop dui dat hulle nie nou die finansiële vermoë het om hulle eie grond te kan besit nie. Op 2% van die respondente is hierdie vraag nie van toepassing nie, want hulle besit of bewerk nie grond nie.

**Vraag 6: Wat doen jy met die grond?**

*Tabel 2 Grond gebruik*


| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Plant gewasse aan | 39 | 67% |
| Beeste | 10 | 17% |
| Groente | 24 | 41% |
| Niks | 3 | 5% |

Verlore frekwensie = 2(3%)

Sewe en sestig persent van die respondente plant gewasse aan op die grond wat hulle bewerk en dit kan geïnterpreteer word dat hierdie grond gebruik word vir landboudoeleindes en dus moet dit die kosvoorrade in die huis aanvul. Die 17% wat hulle beeste daarop laat wei kan daarop dui dat hulle dit vir 'n inkomste-aanvulling gebruik en nie 'n noodsaaklikheid nie. Een en veertig persent plant groente aan op hulle grond wat daarop kan dui dat dit moontlik plotte grond in hulle woonerwe kan wees en hulle besit dus nie landbougrond nie. Slegs 5% van die respondente doen niks met hulle grond nie en dit kan daarop dui dat hulle grond nie baie vrugbaar is nie en dit is dus nie lonend is om dit te bewerk nie of dat hulle ander bronne van inkomste het.

**Vraag 7: Hoeveel grond het jy?**


*Grafiek 6 Hoeveelheid grond*



Twee en veertig persent van die respondente besit 1ha grond en minder. Dit kan daarop dui dat die hierdie grond dalk in hulle woonerwe is en nie in die kommunale landerye nie. Die 23% van die respondente wat 2ha grond besit en die 8% wat slegs 1ha besit, kan daarop dui dat dit 'n baie hanteerbare grootte is om te bewerk en deel vorm van die kommunale landerye. Slegs 8% besit 3ha grond. Die 7% wat 4ha grond besit, die 2% wat 5ha grond besit en die 5% wat 5ha of meer grond besit kan geïnterpreteer word dat hierdie nie 'n baie vooruitstrewende gemeenskap is waar meer mense meer grond kan besit nie of dat die grond nie van so 'n goeie gehalte is nie. Op 2% van die respondente is hierdie vraag nie van toepassing nie, want hulle besit nie grond nie.

**Vraag 8: Hoe ver is jou grond van jou huis af?**


*Grafiek 7 Afstand van grond vanaf woning*




Vir 70% van die respondente is hulle grond nader as 1km van hulle huise af en 8% se grond is 1km van hulle huise af, dit kan daarop dui dat die kommunale landerye baie naby aan die gemeenskap geleë is. Die 15% wie se grond 2km en 2% wie se grond 5km of verder van hulle huise af is, kan daarop dui dat hulle eers later hulle grond aangeskaf het en dus op die buitewyke van die kommunale landerye moet plant. Op 2% van die respondente is hierdie vraag nie van toepassing nie omdat hulle nie grond besit of bewerk nie.

**Vraag 9: Is daar genoeg water waar jou grond is?**


*Grafiek 8 Beskikbaarheid van water*




Slegs 2% van die respondente het gemeld dat daar genoeg water naby hulle grond is. Die ander 95% voel daar is nie genoeg water naby hulle grond nie. Dit kan te wyte wees aan die feit dat hierdie steek nie baie reënval kry nie, 'n paar boorgate is wel onlangs gesink, daar is geen standhoudende riviere in die omgewing nie, maar daar is wel 'n opgaardam 'n ent daarvandaan met 'n pypleiding. Die 2% wat genoeg water het is heel moontlik naby aan die boorgate en hieruit kan daar afgelei word dat dit mense is met plotte in hulle woonerwe.

**Vraag 10: Hoe ver is die water van jou grond af?**

*Grafiek 9 Afstand van water vanaf grond*





Die 30% van die respondente wat water nader as 1km van hulle grond af het, is heel moontlik naby aan waterpunte geleë en daaruit kan daar afgelei word

dat dit mense is wat gewasse in hulle woonerwe aanplant. Die 18% wie se water 1km, die 36% wie se water 2km, die 8% wie se water 3km, die 2% wie se water 5km en die 3% wie se water verder as 5km van hulle grond af geleë is, maak die grootste groep uit. Dit is dus duidelik dat hierdie mense met 'n waterprobleem sukkel omdat hierdie nie 'n landbougebied is nie.

**Vraag 11: Besit jy beeste?**


*Grafiek 10 Besit van beeste*




Slegs 37% van die respondente besit wel beeste, maar die meerderheid van 58% besit nie beeste nie. Dit dui daarop dat hierdie gemeenskap nie so welvarend is nie, maar dat die vroue wel beeste mag besit. Op 2% van die respondente is hierdie vraag nie van toepassing nie, omdat hulle voel dat hulle grond nodig het waarop die beeste kan wei, maar dit nie besit nie.

**Vraag 12: Hoe het jy die beeste gekry?**

*Grafiek 11 Hoe die beeste bekom is*



Die 28% wat hulle beeste gekoop het, dui daarop dat vroue ook beeste van hulle eie kan besit. 'n Skrale 5% van die respondente het hulle beeste op die tradisionele manier by hulle man gekry toe hulle getrou het. Deur vir ander mense beeste op te pas, het 8% van die respondente dit as betaling gekry. Op 56% is dit nie van toepassing nie, omdat hulle nie beeste besit nie, weereens miskien omdat hulle moontlik net nie die finansiële vermoëns het om beeste aan te skaf nie.

**Vraag 13: Watter gewasse plant jy aan?**

*Tabel 3 Tipe van gewasse wat aangeplant word*

| | **Frekwensie** | **Persentasie** |
|---|---|---|
| Mielies | 47 | 81% |
| Sorghum | 14 | 24% |
| Groen bone | 37 | 64% |
| Kool | 3 | 5% |
| Aartappels | 2 | 3% |
| Wortels | 5 | 9% |
| Beet | 3 | 5% |
| Pampoen | 11 | 19% |
| Waatlemoen | 8 | 14% |
| "Sweet reeds (cane)" | 1 | 2% |
| Spinasie | 10 | 17% |
| "Butternut" | 1 | 2% |
| Sonneblom | 1 | 2% |
| Uie | 4 | 7% |
| Marog | 5 | 9% |
| Suikerbone | 1 | 2% |


Verlore frekwensie = 2(3%)

Die gewasse wat die meeste aangeplant word, is mielies (81%) omdat dit as stapelvoedsel gebruik word en ook om hulle hoenders mee te voer en groenbone (64%), omdat dit as 'n gesonde aanvulling tot hulle dieet beskou word en nie so baie water nodig het om te groei nie. Gewasse wat ook dikwels

aangeplant word is sorghum (24%), pampoen (19%), spinasie (17%) en waatlemoen (14%). Hierdie gewasse is ook deel van die daaglikse dieet omdat hierdie gemeenskap nogal ver van die naaste dorp is en dit vir hulle moeilik is om by winkels uit te kom. Ander gewasse wat ook aangeplant word maar tot 'n mindere mate, is marog (9%), wortels (9%), uie (7%), kool (5%), beet (5%) aartappels (3%), suikerriet (2%), botterskorsies (2%), sonneblom (2%) en suikerbone (2%). Al die gewasse is dus droëlandgewasse vanweë die watertekort.

**Vraag 14: Verkoop jy jou gewasse?**


*Grafiek 12 Verkoop van die gewasse*




Die 13% van die respondente wat hulle opbrengste verkoop doen dit heel moontlik om hulle inkomste aan te vul. Daar is 72% wat nie hulle opbrengste verkoop nie, wat daarop kan dui dat hulle dit eerder gebruik om die kosvoorrade in die huis aan te vul. Moontlike vorme van inkomste in so 'n geval kan 'n man wees wat werk weg van die huis af of iemand in die huishouding is op pensioen. Slegs 10% van die respondente verkoop die helfte van hulle opbrengste en die ander helfte hou hulle vir huishoudelike gebruik. Dit kan geïnterpreteer word dat hulle 'n relatiewe stabiele inkomste het en die surplus van die opbrengste kan verkoop. Op 2% is hierdie vraag nie van toepassing nie, want hulle besit of bewerk nie grond nie.

**Vraag 15: Wat gebeur met die geld van die gewasse?**

*Grafiek 13 Aanwending van die geld van die gewasse*




Agtien persent van die respondente het gemeld dat hulle die geld van hulle opbrengste gebruik vir hulle huishoudings soos onder andere skoolgeld, kos en ander benodighede. Dit kan dalk daarop dui dat die inkomste in hierdie huise nie genoeg is om die addisionele kinders te onderhou of uitgawes te dek nie en dat hulle dit dus op so 'n manier moet aanvul. Slegs 2% (dit wil sê twee persone) van die respondente se mans gebruik die geld wat hulle gekry het van hulle opbrengste. Dit kan moontlik daarop dui dat die respondent se man nog glo in die tradisionele manier waar die vrou vir die man werk. Twee persent (dit wil sê twee persone) het die geld gebruik om 'n trekker of donkies te koop, dit wil sê vir investering in landbouproduksie.

**Vraag 16: Wie bewerk gewoonlik die grond?**

Dit is duidelik dat meeste van die respondente (34%) hulle eie grond bewerk, soos wat tradisioneel van hulle verwag was. Slegs 14% van hulle se kinders help hulle en daaruit kan moontlik afgelei word dat dit kinders is wat weer by hulle ouers kom bly het. Veertien persent het die finansiële vermoë om 'n trekker te kan huur gedurende planttyd. Slegs 12% van die respondente se mans help hulle en daaruit kan ons aflei dat die meeste se mans of weg van die huis af werk of dat hulle nog glo in die tradisionele verdeling van werk. Ook het 12% van hulle die finansiële vermoë om mense met donkies te huur om hulle te help gedurende planttyd. Op 5% van die respondente wat gevra is, is

die vraag nie van toepassing nie, omdat hulle nie grond besit of bewerk nie en dieselfde persentasie (5%) se vaders help hulle om hulle grond te bewerk. Dit is moontlik omdat hierdie vaders al afgetree is of omdat hierdie respondente weg van die huis af werk. Twee van die respondente (3%) se moeders help hulle en nog twee (3%) se ooms help hulle om hulle grond te bewerk. Dit kan moontlik daarop dui dat hierdie persone deel is van 'n baie noue familie waar die tradisionele familiewaardes nog seëvier. Slegs twee (3%) van die respondente bewerk hulle grond met hulle eie trekkers en dit is duidelik dat hierdie mense meer welaf is as hulle bure, want hulle verhuur ook hulle trekkers uit om die ander mense te help. Gelukkig is daar net 2% (een persoon) wie se kleinkinders help om die grond te bewerk. Die moontlike interpretasie hiervan kan wees dat die kleinkinders nie skool toe gaan nie of hulle help dalk na skool. Twee persent (een persoon) het ook genoeg geld om mense te huur om hulle te help en 2% (een persoon) se hele huishouding of 'n groep mans help, wat daarop kan dui dat dit moontlik 'n weduwee kan wees.


*Tabel 4 Wie die grond bewerk*

| | **Frekwensie** | **Persentasie** |
|---|---|---|
| Jy self | 20 | 34% |
| Jou kinders | 8 | 14% |
| Jou man | 7 | 12% |
| Jou vader | 3 | 5% |
| Huur mense | 1 | 2% |
| Jou ooms | 2 | 3% |
| Jou moeder | 2 | 3% |
| Huur 'n trekker | 8 | 14% |
| Huur mense met donkies | 7 | 12% |
| Jou kleinkinders | 1 | 2% |
| Met eie trekker | 2 | 3% |
| N.V.T. | 3 | 5% |
| Die huishouding | 1 | 2% |
| 'n Groep mans | 1 | 2% |

Verlore frekwensie = 2(3%)

**Vraag 17: Mag ongetroude vroue grond besit?**


*Grafiek 14 Grondbesit van ongetroude vroue*




Volgens 73% van die respondente mag ongetroude vroue wel grond besit en dit kan daarop dui dat hierdie gemeenskap óf uit noodsaaklikheid moes aanpas óf dat die nuwe regeringsbeleid hierdie gemeenskap al bereik het en dat hulle daarby aangepas het. Volgens 13% mag ongetroude vroue nie grond besit nie en dit op sy beurt kan weer daarop dui dat sommige vroue in hierdie gemeenskap nog nie bewus is van die nuwe veranderinge nie. Agt persent van die respondente is van mening dat ongetroude vroue die grond moet koop en dit weer dui daarop dat daar nog nie konsensus bereik is oor hoe grondverdeling in die gemeenskap werk nie en twee (3%) van die respondente is nie seker of ongetroude vroue grond mag besit nie. Moontlik is hulle nie oorspronklik deel van hierdie gemeenskap nie of moontlik het hulle nie in hierdie gemeenskap grootgeword nie en weet daarom nie hoe grondverdeling werk nie.

**Vraag 18: Indien nie, hoekom nie?**


*Grafiek 15 Redes hoekom ongetroude vroue nie grond mag besit nie*




Volgens 12% van die respondente mag vroue nie grond besit nie as gevolg van tradisionele gebruike. Vir 83% van die respondente is hierdie vraag nie van toepassing nie, omdat vroue volgens hulle grond mag besit en 2% is van mening dat vroue nie grond mag besit nie omdat hulle dit moet koop. Dit is duidelik dat daar verwarring is in hierdie gemeenskap en dit kan moontlik daarop dui dat hierdie beleid verander het met die instelling van die nuwe regeringsbeleid.

**Vraag 19: Wat gebeur met 'n vrou se grond as haar man sterf?**

*Grafiek 16 Weduwees se grond besit*



Die hele groep van 97% respondente sê dat vroue hulle grond mag behou wanneer hulle man sterf en kan geïnterpreteer word dat dit deel van hierdie gemeenskap se kultuur was en nie onlangs verander het nie.

Nadat daar met die interpretering van die gestruktureerde vraelys se data begin is, het dit geblyk dat sekere inligting onduidelik is en daarom was daar besluit om opvolgonderhoude met die gemeenskap te gaan voer. Sommige van die inligting wat kortgekom het sou ter verduideliking van ander inligting dien en daarom is daar besluit om van 'n semi-gestruktureerde onderwerpslys gebruik te maak in plaas van nog 'n vraelys.

**1. Ekonomiese verbeteringe**

- **Stel jy daarin belang om jou eie grond te besit?**

Hierop het al die respondente in die groep ja geantwoord. Toe daar aan hulle gevra is hoekom, het hulle geantwoord dat hulle nog nooit grond van hulle eie besit het nie en dat hulle 'n onafhanklike inkomste wil hê.

- **Besit jy tans grond van jou eie?**

Hierop het al die respondente nee geantwoord. Toe daar aan hulle gevra is hoekom, het hulle geantwoord dat dit is omdat dit kommunale grond is en dat dit net aan belangstellendes toegeken word.

- **Hoe vind hierdie toekenning plaas?**

Blykbaar gaan kyk die belangstellende persoon/persone na 'n geskikte stuk grond, waarna hy/sy dan na die hoofman gaan met hulle versoek. Die hoofman kom neem sy afmetings en nadat al die formaliteite afgehandel is, word die stuk grond aan die belangstellende persoon/persone toegeken.

- **Kan vroue ook grond verkry op die manier?**

Ja, selfs vroue kan grond op die manier verkry.

- **Het dit altyd so gewerk?**

Volgens die respondente het dit nog altyd so gewerk.

- **Mag jy net enige stuk grond vat en daarop begin boer sonder om toestemming van jou man of die hoofman te kry?**

Al die respondente het hierop nee geantwoord. Toe daar aan hulle gevra is hoekom, het hulle net geantwoord dat jy in die kommunale landerye moet boer.

- **Plant julle gewasse op julle woonerwe of ver van julle huise af?**

Twee van die respondente plant gewasse aan in plotte op hulle woonerwe. Toe daar aan hulle gevra is hoekom, het hulle gesê dit is omdat hulle nie landerye besit nie. Die ander het gemeld dat hulle hul gewasse in hulle landerye plant, omdat daar meer grond daar is.

- **Wie besit die grond?**

Een van die respondente het haar grond geërf en die ander besit dit saam met hulle mans.

- **Werk julle in die landerye omdat julle moet of omdat julle wil?**

Hulle werk in die landerye omdat hulle moet, want dis die vrou se werk.

- **Wanneer vroue boer, is daar 'n verskil in getroude vroue wat boer en ongetroude vroue wat boer?**

Ja, daar is 'n verskil. Toe daar gevra is wat die verskil is, het die respondente gesê dat dit makliker is om te boer wanneer jy getroud is, omdat jy dan iemand het wat jou kan help. Ongetroude vroue moet gewoonlik alles self doen.

Baie vroue stel daarin belang om grond van hulle eie te besit, sodat hulle 'n onafhanklike inkomste van hulle eie kan hê, maar het nog nooit so ver gekom om aansoek te doen vir grond nie. Volgens hulle kan vroue ook aansoek doen vir grond net soos die mans. As die praktyk dan al so lank aan die gang is, hoekom is dit dat so min vroue grond van hulle eie besit? Dit is dan ook duidelik dat daar in hierdie gemeenskap nog van die tradisionele verdeling van werk in die landerye gebruik gemaak word.

2. **Krediet**

- **Hoe het jy begin boer? Het iemand vir jou sade gegee of moes jy die sade aankoop?**

Van die respondente het gesê dat hulle hul sade gekoop het en ander weer het hulle sade geleen. Toe daar aan hulle gevra is waar hulle die sade geleen het, het hulle gemeld dat hulle dit by hulle vriende geleen het. Aan die wat hulle sade gekoop het, is gevra waarvandaan hulle die geld gekry het om dit te doen. Sommige het gesê dat hulle reeds die geld gehad het daarvoor en ander het geld by hulle vriende geleen. Hulle het ook gesê dat hulle nie geld by leningsinstansies of die bank leen nie, want hulle vra te veel rente en as jy nie betyds betaal nie, word jy gedagvaar.

Dit is duidelik dat hierdie vroue 'n goeie idee van geldsake het en hulle weet ook wat die nagevolge van sommige aksies kan wees.

3. **Toegang tot markte**

- **Verkoop julle julle gewasse?**

Almal van hulle verkoop 'n gedeelte van hulle gewasse. Toe daar aan hulle gevra is hoekom, het almal gesê dat dit is om huishoudelike benodighede asook nog sade te koop.

- **Aan wie verkoop julle julle gewasse?**

Hulle verkoop hulle gewasse onder mekaar in die gemeenskap van Mantsie.

- **Besit julle beeste?**

Twee van die respondente besit wel hulle eie beeste, maar die ander besit beeste saam met hulle mans. Aan die respondente wat hulle eie beeste besit, is gevra hoe hulle die beeste bekom het en waar hulle die geld daarvoor gekry het. Hierop het hulle geantwoord dat hulle die beeste self gekoop het met geld wat hulle gespaar het van die verkoop van hulle gewasse.

- **Kon vroue nog altyd beeste van hulle eie besit?**

Hierop het al die respondente ja geantwoord.

- **Wanneer julle julle beeste verkoop, aan wie verkoop julle hulle?**

Hulle verkoop blykbaar hulle beeste aan ander gemeenskapslede wanneer daar 'n bruilofsfees of begrafnis is. Daar word ook ooreengekom dat wanneer die koper nie dadelik die volle bedrag kan betaal nie, die koper dit in paaiemente sal aflos.

- **Hoe onderhandel julle 'n prys vir julle beeste?**

Die respondente verduidelik dat hulle 'n baie informele metode van onderhandeling gebruik. Die dier word beoordeel aan sy grootte, ouderdom en gesondheid, met ander woorde sy fisieke kondisie. Aan die hand daarvan word 'n prys gemaak en daar word dan daaroor onderhandel totdat albei partye tevrede is met die transaksie.

Dit is duidelik dat hierdie gemeenskap nie hulle goedere op die plaaslike mark verkoop nie. Die feit dat hulle so ver van die naaste dorp af is, speel 'n rol daarin omdat hulle nie vervoer het om daar te kom nie en produseer te min om al die moeite en onkoste aan te gaan daarvoor.

**4. Wetlike veranderinge**

- **As julle wil boer, moet julle toestemming daarvoor kry?**

Almal moet toestemming kry voordat hulle kan boer. Toe daar aan hulle gevra is van wie hulle die toestemming moet kry en hoekom, het hulle geantwoord dat toestemming vanaf die hoofman verkry moet word omdat die gemeenskap kommunale grond besit en almal kan nie net sommer doen wat hulle wil nie.

- **Wie het die meeste seggenskap in die gemeenskap?**

Die hoofman het die meeste seggenskap, maar verder is dinge baie gelyk omdat die verantwoordelikhede gedeel word. Wanneer daar vergadering gehou word in die Kgotla, mag die vroue nou direk met die hoofman praat. Komitees is gestig waarop mans en vroue dien. Sommige komitees bestaan net uit mans en ander net uit vroue. Toe daar aan die respondente gevra is of dit altyd so was, het nulle nee geantwoord. Voorheen kon vroue nooit direk met die hoofman praat nie, hulle moes dit altyd deur 'n manspersoon doen.

- **Dink julle dat vroue deesdae beter behandel word as in die ou dae?**

Hierop het al die respondente ja geantwoord. Toe daar aan hulle gevra is hoekom, het hulle gesê dis omdat hulle nou vryheid van spraak het en in die Kgotla mag praat wanneer daar vergader word.

- **Dink julle dat julle vandag beter lewens het as die wat julle moeders gehad het?**

Al die respondente het ja hierop geantwoord. Toe daar aan hulle gevra is hoekom hulle so dink en wanneer dink hulle het dit begin verander, het hulle gesê dat dinge deesdae makliker is vir vroue as wat dit was en dat hulle nou meer seggenskap het in die gemeenskap se dinge. Volgens hulle het dinge in 1994/1995 begin verander.

- **Was daar al iemand van die regering hier om met julle te praat oor die regte van vroue?**

Hierop het al die respondente nee geantwoord en gesê dat daar nie iemand in Mantsie self was nie. Hulle moet gewoonlik Braklaagte toe gaan as hulle wil hoor wat die regeringsamptenare te sê het. Meeste van die tyd sukkel hulle met vervoer en kan dan nie die inligtingsdae bywoon nie.

- **Kan julle lees?**

Twee van die respondente het nooit die geleentheid gehad om te leer lees nie, maar die res kan almal lees. Toe daar aan die wat wel kan lees, gevra is of hulle koerante lees en wat hulle die meeste daarin lees, het hulle almal ja geantwoord en gesê dat hulle gewoonlik die besigheidsafdeling en loopbaanafdeling in die koerant lees.

- **Besit julle radio's?**

Al die respondente het ja geantwoord en gesê dat hulle gewoonlik na die nuus en aktualiteitsprogramme luister.

- **Is julle bewus daarvan dat die regering meer regte aan vroue gegee het?**

Hierop het almal ja geantwoord. Toe daar aan hulle gevra is waar hulle hiervan gehoor het en of hulle die regte uitoefen het hulle gesê dat hulle dit op die nuus hoor en deur ander mense. Hulle oefen, volgens hulle, wel hulle regte uit maar somtyds maak die mans dit moeilik omdat hulle nie die nuwe regte verstaan nie en nie gewoond is aan die veranderende omstandighede nie.

Dit is baie duidelik dat die wetlike veranderinge hierdie gemeenskap tot 'n mindere of meerdere mate bereik het. Vroue in hierdie gemeenskap het baie meer seggenskap en vryheid as wat hulle gehad het voor 1994. Die vroue hier word ook met meer respek behandel as in die verlede en is baie bewus van hulle nuutgevonde regte en vryhede en oefen dit uit so ver as wat hulle kan.

Wat ook verder duidelik is, is dat die teoretiese wetlike en beleidsverandering wat die regering gemaak het ten opsigte van vroue, hierdie gemeenskap in die praktyk bereik het. My hipotese is dus verkeerd bewus ten opsigte van die gemeenskap van Mantsie.

# HOOFSTUK 5.

# GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk word die bevindings en gevolgtrekkings van die studie weergegee.

Dit is baie duidelik uit die studie dat vroue 'n baie belangrike rol speel in die voedselsekuriteit van landelike gemeenskappe. Sewe en sestig persent van die vroue van Mantsie wat grond besit, plant gewasse aan en nog 41% plant groente op hulle grond aan (vraelys vraag 13). Van hierdie is daar 72% wat nie hulle opbrengste verkoop nie. Dit is dus duidelik dat hierdie gewasse vir huishoudelike gebruik aangeplant word. Die 13% wat wel hulle gewasse verkoop, gebruik die geld as 'n aanvullende inkomste (vraelys vraag 15). Die graan (mielies en sorghum) en groente, wat hoofsaakilk deur hulle arbeid geproduseer word, is naas melkproduksie uit die beesboerdery, die stapelvoedsel van die gemeenskap.

Vir baie jare al is dit die plig van vroue in tradisionele landelike gemeenskappe om voedsel vir hulle families te produseer. Die realiteit hiervan is egter dat hulle gewoonlik nie die grond besit wat hulle bewerk nie. As gevolg van migrasie arbeid is vroue in landelike gediede die *de facto* hoofde van hulle huishoudings. Hulle word gewoonlik agtergelaat in die landelike gebiede en het min of geen kans om enige vorm van betaalde werk te kry, omdat hulle nie volledige formele skoolopleiding gehad het nie. Hierdie vroue moet dan na hulle families omsien deur 'n bestaan te probeer maak van gewasse en soms diere (beeste, bokke, skape, hoenders, ensomeer).

In die Mantsie gemeenskap mag al die vroue grond besit, getroud of nie. Die rede hiervoor is heel moontlk dat hulle mans ook weggetrek het om te gaan werk en hulle agtergelaat het met die kinders. Volgens Statistiek Suid-Afrika het die bevolkingsensus van Oktober 1996 vasgestel dat 52% van die 40,6 miljoen mense wat in die land gewoon het op daardie stadium vroue was. Byna 'n kwart (23%) van die Afrika-vroue en 20% van die Afrika-mans woon

apart van hulle lewensmaats. Verder is daar ook gevind dat die vroulike gedeelte van die bevolking die hoogste is in landelike tradisionale gemeenskappe.[1]

Deur hoofstukke 2 en 3 met mekaar te vergelyk, is dit duidelik dat daar baie teoretiese verbeteringe plaasgevind het ten opsigte van vroue se grondbesit in Suid-Afrika. Alhoewel grondbesit, of dan minstens die reg op grondgebruik, vir vroue van die Mantsie gemeenskap niks nuuts is nie, het baie landelike vroue dit wel verwelkom. Nou kan hulle die volle eienaars van 'n stuk grond wees en nie net meer die *de facto* eienaars daarvan nie.

Alhoewel vroue in die tydperk sedert 1994 heelwat uitgesonder was in die opstel van beleid en wette is dit duidelik dat daar nog baie praktiese probleme en beperkings is wat vroue ondervind in hulle landbou-aktiwiteite.

Die belangrikste hiervan is die kommunale stelsel self. Kollektiewe grondbesit beteken dat niemand hulle eie grond besit nie met ander woorde geen individuele eiendomsreg nie, maar dit vorm deel van die stam se grond. Dus is daar ook geen dokumentêre bewys dat 'n sekere stuk grond aan 'n sekere persoon behoort nie. Daar is geen waarborg dat die persoon die grond vir altyd sal kan bewerk nie. In 'n kommunale stelsel word die grond deur 'n tradisionele leier aan 'n belangstellende persoon toegewys, soos aangedui uit die onderhoude. Dit is dus belangrik om die welwillendheid van die tradisionele leier te geniet.

Uit die vraelys (vrae 1 en 2) en onderhoude was dit baie duidelik dat die vroue van die Mantsie-gemeenskap hulle eie grond kan besit, maar in werklikheid het hulle net die reg om dit te bewerk solank as wat hulle in staat is. Die grond is nie op hulle naam geregistreer nie en dus nie hulle wettige eiendom nie. As dit die geval sou wees, kon hulle die grond verkoop wanneer nodig, maar nou moet hulle daar bly anders is hulle hulle grond en bron van voedsel kwyt. Dit is

[1] Statistics South Africa, *Women and men in South Africa: five years on*, pp. 1, 3, 9.

egter nie die geval by 5% van die gemeenskap se vroue nie - hulle het hulle grond gekoop en kan dit dus weer verkoop indien dit nodig sou wees.

Nog 'n groot probleem is dat vroue oor die algemeen min grond besit, 42% besit 1 hektaar en minder en slegs 7% besit 5 hektaar en meer (vraelys vraag7). Daar is nog nooit gedefinieer wat presies die behoeftes van vroue is ten opsigte van grondbesit nie. Die behoeftes wat vroue het ten opsigte van grond is baie anders as dié van mans. Vroue het nie die tyd of hulpbronne om groot stukke grond te bewerk nie, maar wil ook hê dat hulle 'n maksimum kan lewer op die beskikbare grond wat hulle het. Reeds is daar genoem dat die meeste mans van landelike gebiede in die stede gaan werk en dus nie by die huis is nie, maar ook gaan die kinders nou baie meer gereeld skool toe as vroeër. In die verlede het die vroue baie meer hulp op hulle landerye gehad as nou. Vier en dertig persent het aangedui dat hulle self hulle landerye bewerk en 28% het aangedui dat hulle nou mense, trekker of donkies moet huur om hulle te help (vraelys vraag 16). Dit is 'n baie groot uitgawe vir sulke klein landerye.

Baie landelike vroue is eenvoudig net nie bewus van die geleenthede wat daar aan hulle beskikbaar is nie. Ten spyte hiervan het baie van die vroue, waarmee onderhoude gevoer is, aangedui dat hulle tot 'n mindere of meerdere mate bewus is van hulle regte as vroue, maar hulle het nie aangedui of hulle bewus is van die voordele wat hulle besit ten opsigte van die verkryging van grond deur middel van regeringshulp nie. Reeds is daar genoem dat die vroue van die Mantsie-gemeenskap hulle eie grond kan besit en dit op dieselfde manier as mans kan verkry, maar dit het later in die onderhoude duidelik geword dat hulle nie van hierdie geleenthede gebruik maak nie. Die gemeenskap is baie arm en die gevoel is dat hulle nie geld het om hierdie grond mee te bewerk nie, aangesien hulle in 'n semi-woestynagtige gebied woon. Alhoewel hulle gereeld na die radio luister en die koerante lees, is hulle nie bewus van die grondhervormingsprogramme of die voordeel wat hulle daaruit kan trek nie.

In 1995 het die meeste landelike mense nie lopende water gehad nie en die meeste van hulle moes meer as 'n kilometer loop om water te gaan haal. Die vroue van Mantsie het aangedui dat die situasie ietwat verbeter het, maar nie genoeg nie. Slegs 2% van die vroue waarmee onderhoude gevoer is, het aangedui dat daar genoeg water naby hulle grond is (vraelys vraag 9). Toe daar aan hulle gevra is om aan te dui hoe ver die naaste water van hulle grond af was, het 62% gemeld dat dit verder as 'n kilometer was (vraelys vraag 10). Die reg op water is opsig self verbind aan die reg op grond. Dit is dikwels die geval dat indien vroue grond verkry, dit gewoonlik die grond is op die buitewyke van die kommunale landerye of grond wat van só 'n swak gehalte is dat geen man die moeite daarmee sal maak om dit te bewerk nie. As vroue dan wel 'n stukkie grond het, is dit soveel moeiliker vir haar om water tot by haar grond te kry om dit te besproei of nat te lei en dus soveel moeiliker om te bewerk.

Geweld in huwelike, waar vroue onafhanklik van hulle mans grond wil besit waarmee hulle die huishouding se ekonomie kan aanvul, is 'n ernstige probleem. Gedurende die semi-gestruktureerde onderhoude is daar soms afgewyk van die onderwerplys af en dis tydens een van hierdie afwykings dat 'n gesprek aan die gang gesit is oor die toename van geweld in huwelike. Sommige van die vroue het dit toegeskryf aan die verval van die sosiale struktuur van die samelewing en ander weer het gemeen dat dit is omdat vroue meer mag begin kry en die mans voel bedreig daardeur. As gevolg van vrees vir hierdie ontgelding, hulle posisie in die samelewing en tradisionele gebruike maak vroue nie soveel van die geleenthede gebruik wat aan hulle gebied word nie. Die mans op hulle beurt is weer bang hulle verloor die beheer wat hulle tans oor hulle vroue en in hulle gemeenskappe uitoefen. Dit kan dalk een van die faktore wees hoekom sommige van die vroue voel dat hulle sosiale struktuur besig is om te verval.

Die resultate wys dat die meeste (52%) van die vroue van Mantsie ongetroud is (vraelys vraag 4). Meeste van hierdie vroue het wel kinders. Hulle is dus die hoofde van enkelouergesinne, wat vir hulleself en hulle kinders moet sorg. Tradisionele reëls rondom huwelike en gesinne is dus nie op hulle van

toepassing nie. Aan die eenkant is hulle vryer van beheer deur mans as getroude vrouens, soos die antwoorde op sekere vrae in die onderhoude getoon het, maar aan die anderkant is hulle op hulleself aangewese vir ekonomiese oorlewing. Hulle geniet nie die mate van beskerming wat die tradisionele sosiale struktuur van die huisgesin, hoe onvolmaak ook al, bied nie. Dit is ook verder uit die onderhoude duidelik dat die vroue dit eerder verkies om 'n man te hê wat hulle kan help met die harde werk.

Vroue word in die algemeen nie gesien as groot verbruikers van inligting nie, omdat hulle dikwels geen posisie van betekenisvolle mag beklee nie. Daar is reeds genoem dat die vroue van Mantsie wel na die radio luister asook koerante lees maar wat ook verder duidelik geword het, is dat regeringsamptenare hulle nie self kom toespreek nie. Uit die onderhoude het dit geblyk dat inligting aangaande die voordele wat hulle het ten opsigte van grond ontbreek. Die inligting wat wel beskikbaar is, is nie so ontwerp dat dit aan die vroue se behoeftes voldoen nie. Dit help nie om die amptenare na een sentrale punt te stuur en te hoop dat soveel as moontlik mense bereik sal word nie. Die praktiese probleme wat hierdie mense ondervind, word nie in ag geneem nie. Dit is probleme soos vervoer, ligging en geld vir vervoer.

Ekonomiese faktore beperk ook die vroue van Mantsie se produksievermoë. Hulle is arm, het nie toegang tot kredietfasiliteite nie en beskik oor weinig bemarkingsmoontlikhede (vraelys vraag 14). Dus beskik hulle nie oor die middele om te ontsnap aan kleinskaalse bestaansboerdery nie.

Ondanks hierdie praktiese probleme en beperkinge meen die vroue van Mantsie dat hulle posisie verbeter het en dat dit net nog verder kan verbeter. Gedurende die onderhoude het hulle daarop gedui dat hulle ook nou beter behandel word in die gemeenskap. Hulle het vryheid van spraak om deel te kan neem aan vergaderings in die Kgotla en kan ook self die hoofman toespreek. As gevolg hiervan voel hulle dat hulle lewens beter is as dié van hulle moeders.

Kultuur, geloof en tradisie gebruik die mens se geslagtelikheid om geslagsrolle mee te definieer. Geen kultuur is egter onveranderbaar nie en heelwat samelewings regoor die wêreld het al geveg om sommige van hulle tradisionele en kulturele praktyke te verander, wat volgens hulle nie langer verenigbaar was met hulle manier van lewe nie. Ons samelewing en manier van lewe vandag is van so aard dat die gebruike wat tien of twintig jaar gelede as noodsaaklik gesien is, vandag oorbodig is. Daardie aspekte in ons kultuur wat veronderstel was om ons te beskerm en as nasie uit te bou, pas nie meer in ons huidige omstandighede nie. Dieselfde geld ook vir baie ander kulturele gebruike in Suid-Afrika. As sulke veranderinge kon plaasvind, hoekom kan geslagverhoudinge in samelewings nie ook verander nie?

Baie mense is geneig om geslagsongelykhede as deel van 'n kulturele erfenis in te sien. Hulle argumenteer dat indien hierdie ongelykhede aangespreek sou word, daar met die wese van sekere kulture ingemeng word. In 'n mate is hierdie argument geldig, want die struktuur en sosiale waardes van 'n samelewing kan so verander word, maar hoekom vashou aan praktyke wat die kultuur en sy mense skade kan aandoen op die lang duur? Tradisie en geloof word ook gebruik as 'n manier om oproepe te stop vir geslagsgelykheid. Die idee dat mans die hoof van die huis is en dat vroue net kinders moet grootmaak en huiswerkers is, is 'n persepsie wat bykans in elke kultuur gevind word en laat mans toe om die beginsel dat vroue volle burgers is met volle en gelyke regte vir deelname aan elke vlak van die samelewing te ondermyn. Hoekom dan nie eerder ook vroue inkorporeer in die samelewing en gebruik maak van hulle bydraes en so 'n sterker samelewing bou nie?[1]

Geslagsgelykheid beteken nie dat mans en vroue dieselfde is en dieselfde hanteer moet word nie. Elke geslag het hulle eie spesifieke en spesiale behoeftes en moet daarvolgens hanteer word, nie soos in die verlede toe mans al die geleenthede en mag gehad het en vroue niks gehad het nie. Dikwels maak mense egter die fout om te dink dat as vroue begin bemagtig word, gaan mans ontmagtig word. Dit is eenvoudig net nie so nie. In hierdie

[1] Commission on Gender Equality, Republic of South Africa: *A framework for gender relations in South Africa,* 2000, http://www.gov.za/reports/2000/transformation.pdf [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

fout lê die oortuiging dat mag net beskikbaar is in klein en beperkte hoeveelhede: as een groep mag het, kan ander groepe dit nie hê nie. Dit is afkomstig van die patriargale en ongelyke samelewing waarin ons lewe, waarin ons sien dat regeerders mag het oor dié wat hulle moet regeer, mans het mag oor vroue, grootmense het mag oor kinders en die rykes het baie meer beheer oor dinge waaroor die armes nie het nie. Dus kan ons aflei dat elkeen mag het oor iemand anders en op verskillende maniere. As ons ander mense kan sien as gelykes en vennote, kan ons almal saam bemagtig word.

'n Praktiese voorbeeld om geslagsgelykheid mee te verduidelik is die fabel van die jakkals en die reier. Die jakkals en die reier word dieselfde geleentheid gebied om van die sop te eet. Wie die meeste gaan eet hang af van hoe die houers is waaruit hulle moet eet. Is dit 'n vlak en wye houer gaan die jakkals die meeste eet, is dit 'n lang en smal houer gaan die reier die meeste eet. Om te verseker dat elkeen genoeg kry, moet hulle elkeen uit 'n houer eet wat In hulle behoeftes gaan voorsien.

Die punt hiervan is dat ons samelewing tot onlangs toe nog net voorsiening gemaak het vir een party se behoeftes en as geslagsgelykheid 'n realiteit gaan word, moet daar in al die partye se spesifieke behoeftes voorsien word. Eenvoudig genoeg beteken geslagsgelykheid dat mans en vroue gelyk moet wees in alle opsigte. Hulle moet met dieselfde respek en besorgdheid behandel word en moet die geleentheid kry om te ontwikkel tot hulle volle potensiaal – elkeen in sy eie sfeer van gemaklikheid soos die jakkals en die reier.[2]

In die lig van die navorsingsresultate kan die volgende aanbevelings gemaak word ter bemagtiging van die vroue van Mantsie:

- Dit sou wenslik wees as die regering meer moeite kon maak met afgeleë landelike gemeenskappe soos Mantsie om belangrike inligting te kommunikeer. Alhoewel hulle koerant lees en radio luister is dit tog nodig dat regeringsamptenare self met hulle kom praat oor aangeleenthede wat

---

[2] Commission on Gender Equality, Republic of South Africa: *A framework for gender relations in South Africa*, 2000, http://www.gov.za/reports/2000/transformation.pdf [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

hulle kan raak. Dis nie wenslik om na een sentrale punt te gaan met die hoop dat die inligting soveel as moontlik mense sal bereik nie. Die praktiese probleme van arm gemeenskappe moet ook in gedagte gehou word soos vervoer, geld vir vervoer en tyd.

- Om die druk op grond te verlig, is die skepping van alternatiewe landelike bestaanswyses, wat nie primêr op konvensionele landbou gebaseer is nie, noodsaaklik. Moontlikhede sluit in: vervaardigring van handwerkartikels vir ekotoerisme in die streek (daar is talle nabygeleë wildplase en wildtuine), steenmakery vir plaaslike konstruksiebehoeftes en die kweek van inheemse medisinale plante (waarvan 'n verskeidenheid bestaan) vir natuurlike geneesmiddels. Hoe meer boere, vroulik of manlik, in inkomstegenererende bedrywe buite die landbou geakkommodeer kan word, hoe meer grond is *per capita* vir die oorblywende boere beskikbaar.
- Diegene wat by die landbou betrokke is, moet meer koöperaratief begin boer. Indien klein lappies grond in groter eenhede saamgevoeg word, verlaag dit die insetkoste, verbeter dit die arbeidsituasie en kan voldoende surplus bo die boere se eie voedselbehoeftes geproduseer word om dit die moeite werd te maak om ook buite die onmiddellike gemeenskap te bemark. Groter gemeenskapsgroentetuine in plaas van talle klein tuintjies sal watervoorsiening vergemaklik.
- Beter toegang tot water. Water is altyd 'n probleem in 'n droë gebied. Dit sou wenslik wees as daar 'n beter natlei- of besproeiingstelsel geskep kon word. Met beter besproeiingsfasiliteite en waterwyse maniere van besproei kan die gemeenskap hulle landbou-aktiwiteite uitbrei en meer of verskillende gewasse begin aanplant, wat hulle dan kan verkoop of self verbruik. Oorweging behoort geskenk te word aan die sink van meer boorgate, die gebruik van 'n waterkar vir die hele gemeenskap en die oprigting van meer reënwatertenks.
- Meer vroulike landbouvoorligters moet opgelei word. Alhoewel daar 'n voorligtingsdiens is in die omgewing, is die voorligters net mans. Die vroue sal meer baat daarby vind indien vroulike voorligters opgelei kan word. Aangesien die meeste van die landbou-aktiwiteite deur vroue behartig word, sal vroue meer effektief met hierdie mense kan kommunikeer.

- Meer opleiding in die bestuur van hulle boerderye is nodig. Alhoewel vroue nou al vir jare die meeste van die landbou-aktiwiteite behartig, kan dit wenslik wees dat hulle opleiding ontvang in hoe om hulle boerderye beter te bestuur. Saam met dit is dit ook nodig om volwasse skoolopleiding aan die vroue te bied wat nie die geleentheid gehad het om dit te ontvang nie. Die verskillende opleidingsprogramme kan by die ABET-program (Adult Basic Education and Training) van die Departement van Onderwys ingeskakel word.
- Verbeterde toegang tot markte moet bewerkstellig word. Dit sou ideaal wees as daar gereelde vervoer verskaf kan word wat die mense van Mantsie en hulle gewasse na die markte in nabygeleë dorpe soos Zeerust kon neem. Hier sal hulle dan hulle gewasse vir 'n beter prys van die hand kon sit en so 'n beter lewe vir hulle self kon begin maak. Hoe hoër landbouproduksie opgestoot kan word, hoe wyer kan die bemarkingsnetwerk word.
- Die kwessie van huislike geweld behoort ook op 'n professionele grondslag hanteer te word. In die afgeleë platteland is welsyns- en beradingsdienste tans nie beskikbaar nie, buiten in die ondersteuningsgroepe van kerke.

Uit hierdie aanbevelings is dit duidelik dat daar by landelike gemeenskappe soos Mantsie 'n groot behoefte aan insette van buite en binne die gemeenskap is om 'n proses van volhoubare ontwikkeling aan die gang te sit. Die regering beskik eenvoudig nie oor die kapasiteit en hulpbronne om al die nodige insette te lewer en te bestuur nie. Slegs deur 'n kollaboratiewe poging deur verskillende rolspelers kan sulke gemeenskappe hoop om uit die spiraal van lae produktiwiteit en armoede te ontsnap. Regeringsinstansies op al die regeringsvlakke, navorsers by universiteite, nie-regeringsorganisasies en gemeenskapsgebaseerde organisasies sal venootskappe moet vorm om spesifieke gemeenskapsprojekte te loods. Instansies met 'n permanente sigbare plaaslike teenwoordigheid, soos die provinsiale Departement van Landbou se plaaslike dienssentrums met hulle voorligters en plaaslike landboukomitees, sal 'n koördinerende rol moet speel.

Dit is nie in die nasionale ekonomiese belang dat deur verstedeliking mense gemeenskappe soos Mantsie verlaat en na groter dorpe en stede trek nie. Dit verhoog net stedelike werkloosheid en gepaardgaande sosiale en ekonomiese probleme. 'n Beter alternatief is die skepping van 'n lewensvatbare landelike heenkome vir die lede van die gemeenskap binne en buite die landbou. Omdat die bevolkingsdruk op die beskikbare grond hoog is, is dit nie 'n maklike taak nie, maar 'n taak wat nietemin aangepak en suksesvol deurgevoer moet word.

Wat veral in hierdie studie beklemtoon is, is die sleutelrol van die vrou in kleinskaalboerdery in tradisioenele gemeenskappe. Hierdie rol is dikwels in die verlede misken. Sedert 1994 is daar teoreties, in regeringsdokumente, wette en beleid, 'n baie groter sensitiwiteit vir die belangrikheid van die vroue se rol. Om hierdie sensitiwiteit te omskep in konkrete praktiese verbeterings in die lot van vroulike kleinboere is 'n proses wat tyd neem. Dit is nou tyd om hierdie historiese proses te versnel ten einde landelike vroue se potensiaal te verwesenlik om 'n betekenisvolle rol in die landbousektor te speel.

## Bylaag 1

**Questionnaire**

**Regarding women in small scale agriculture**

Motsakarolo

Re dira dipatlisiso ka ga bomme ba ba agileng mo dipoleseng ba na le temo-thuo. Re lebisitse thata go bomme ba ba nang le lefatshe la temo-thuo le gore ba le huma jang lefatshe le. Go fitthela maemo a bone mo ntlheng e, re tlhoka thuso ya gago. Re kopa metsotso e ka nna lesome go ya go e lesome tlhano ya nako ya gago. Ga go sepe se se ka go tsenyang mo mathateng ka go tsaya karolo. O ka bona go araba dipoeso tse, go ka tlisa boitsanape bo bo riling go wena.

Go tsaya karolo ke boithapo. Leina le dikarabo tsa gago ga di kitla di senolwa go motho ope. Ditshwaelo tsotlhe di tla be dilebisitswe mo dikarabong tsa setlhopha. Rona go le jalo, re tlhoka dikarabo tsa mongwe le mongwe tsa boammaruri tse re ka ikaegang ka tsona.

| | |
|---|---|
| -------------------------------------------- | --------------------------------------- |
| Prof. J.A. du Pisani | Me. G. Hudson |

Ka jalo nna ke tlhaloganya se se kwadilweng, ke ka moo ke neelang tetla ya go tsaya karolo ga me go projekeng go ka dirisentswa mabaka a dipatlisiso.

Re lebogela go tsay a karolo-ga gago.

| | |
|---|---|
| -------------------------------------------- | --------------------------------------- |
| Tshaeno ya moarabi | Letlha |

Dear Participant

We are conducting research on women in small-scale agriculture in rural areas. Our focus is on women who cultivate land and how they can to be in possession of it. To get a clear picture of women in this regard, we need your assistance. We require approximately 10-15 minutes of your time. There is no risk whatsoever associated with your participation. You may find responding to this questionnaire a stimulating experience. Participation is voluntary. You will remain anonymous, and all responses will be treated with confidentiality. All conclusions will be based on the group's responses. We, however, need every individual's honest and reliable response.

Herewith, I declare that I understand the above statement, and give my permission that my contribution towards this project may be used for research purposes.

Prof. J.A. du Pisani

Me. G. Hudson

Thank you for your participation.

Signature

Date

| | | |
|---|---|---|
| | | |

## Questionnaire

Mark the correct answer with an x
Tshwaya karabo e e siameng ka x

**1. Do you cultivate land?**
**A o a lema?**

| | |
|---|---|
| Yes<br>Ee | 1 |
| No<br>Nnya | 2 |

**2. Is it your own land?**
**A ke lefatshe la gago?**

| | |
|---|---|
| Yes<br>Ee | 1 |
| No<br>Nnya | 2 |

**3. How old are you?**
**O na le dingwaga di le kae?**

| | |
|---|---|
| <20 | 1 |
| 20-29 | 2 |
| 30-39 | 3 |
| 40-49 | 4 |
| 50-59 | 5 |
| >60 | 6 |

**4. Are you married?**
**A o nyetswe?**

| | |
|---|---|
| Yes<br>Ee | 1 |
| Never been married<br>Ga ke ise ke nyalwe | 2 |
| Divorced<br>Tlhalo | 3 |
| Widow<br>Motlhula gadi | 4 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

**5. How did you get the land?**
**O bone jang lefatshe le?**

| | |
|---|---|
| Bought it<br>O le rekile | 1 |
| Married<br>Ka nyalo | 2 |
| Inherited it<br>A le boswa | 3 |
| Government<br>Ka puso | 4 |
| Traditional leader<br>Meoteledipele wa setso | 5 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

**6. What do you do with the land?**
**O dire eng ka lefatshe?**

| | |
|---|---|
| Cultivate land<br>A o a lema | 1 |
| Cattle<br>Dikgomo | 2 |
| Vegetables<br>Merogo | 3 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

**7. How much land do you have?**
**Ke lefatshe le le kanakang le o nang le lona?**

| | |
|---|---|
| < 1ha | 1 |
| 1ha | 2 |
| 2ha | 3 |
| 3ha | 4 |
| 4ha | 5 |
| 5ha | 6 |
| >5ha (specify/tshwaela) | 7 |

8. **How far is it from your home?**
**Le bokgakala bo le kae go legae la gago?**

| | |
|---|---|
| < 1km | 1 |
| 1km | 2 |
| 2km | 3 |
| 3km | 4 |
| 4km | 5 |
| 5km | 6 |
| > 5km (specify/tshwaela) | |

9. **Is there enough water where your land is?**
A go na le metsi a a lekaneng kwa lefatshe la gago le leng teng?

| | |
|---|---|
| Yes<br>Ee | 1 |
| No<br>Nnya | 2 |

10. **How far is it from your land?**
**A bokgakala bo le kae go lefatshe la gago?**

| | |
|---|---|
| < 1km | 1 |
| 1km | 2 |
| 2km | 3 |
| 3km | 4 |
| 4km | 5 |
| 5km | 6 |
| > 5km (specify/tshwaela) | 7 |

11. **Do you own cattle?**
**A o ruile dikgomo?**

| | |
|---|---|
| Yes<br>Ee | 1 |
| No<br>Nnya | 2 |

12. **How did you get it?**
**O di bone jang?**

| | |
|---|---|
| Bought it<br>O le rekile | 1 |
| Married<br>Ka nyalo | 2 |
| Inherited it<br>A le boswa | 3 |
| Government<br>Ka puso | 4 |
| Traditional leader<br>Meoteledipele wa setso | 5 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

13. **What type of produce do you cultivate?**
**Ke mefuta e fe ya merogo eo o e lemang?**

| | |
|---|---|
| Maize<br>Mmidi | 1 |
| Corn<br>Pone | 2 |
| Sorghum<br>Mabele | 3 |
| Tomatoes<br>Ditamati | 4 |
| Lettuce | 5 |
| Green beans<br>Dinawa | 6 |
| Cabbage<br>Khabiche | 7 |
| Potatoes<br>Ditapole | 8 |
| Carrots<br>Digwete | 9 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

**14. Do you sell your produce?**
**A o rekisa merogo ya gago?**

| | |
|---|---|
| Yes<br>Ee | 1 |
| No<br>Nnya | 2 |

**15. What do you do with the money of the produce?**
**O dira eng ka madi a o a boning go tswa mo merogong?**

| | |
|---|---|
| Household<br>A o a dirisa mo gae | 1 |
| Land<br>A o a dirisa mo lefatsheng | 2 |
| Husband uses it<br>A ntate o a dirisa | 3 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

**16. Who usually cultivates the land?**
**Gantsi, ke mang yo o lemang?**

| | |
|---|---|
| You<br>Wena | 1 |
| Your children<br>Bana ba gago | 2 |
| Your husband<br>Monna wa gago | 3 |
| A group of women<br>Setlhopha sa basadi | 4 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

**17. May unmarried women own land?**
**A basadi ba ba sa nyalwang ba ka nna lefatshe?**

| | |
|---|---|
| Yes<br>Ee | 1 |
| No<br>Nnya | 2 |

**18. If not, why?**
**Ga go jalo, go reng?**

| | |
|---|---|
| Tradition<br>A ke sets o | 1 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

**19. What happens with a woman's land if her husband dies?**
Go diragala eng ka lefatshe la mosadi fa monna wa gagne aka tlhokafala?

| | |
|---|---|
| Keep it<br>A le salla le wena | 1 |
| Other people claim it<br>Batho ba bangwe ba lebega na | 2 |
| Other (specify)<br>Dingwe (tshwaela) | |

## Bylaag 2

### FOCUS GROUP QUESTIONS

- <u>**Did their economic position improve?**</u>
  - ***<u>Land</u>***
    - ***Are you interested in owning land for yourself?***
      - ***Yes***
        - ***Why***
      - ***No***
        - ***Why***
    - ***Do you have your own land?***
      - ***Yes***
        - ***How did you obtain your land?***
          - ***Father***
            - ***Why did he give it to you***
          - ***Traditional leader***
            - ***How did you get it from him***
              - ***Did it always work like that?***
          - ***Bought it***
            - ***From whom did you buy your land?***
            - ***Where did you get the money from to buy the land?***
            - ***When did you buy the land?***
          - ***Married***
            - ***Why did your husband give you land when you got married?***
          - ***Government***
            - ***Why did the government give you land?***

- *When did the government give you the land?*
- *No*
  - *Why not?*
    - *How is the land allocated?*
    - *Can women also obtain land in this way?*
    - *Did it always work like that?*
    - *May you take land and start farming without the permission of your husband, traditional leader?*
      - *Yes*
        - *Could you always do that?*
          - *Yes*
          - *No - Since when did it become like this?*
      - *No*
        - *Why not?*

- *Do you plant produce in your back yard or do you plant it far from your house?*
  - *Yard*
    - *Why do you plant your produce there?*
  - *Far*
    - *Why do you plant your produce there? (How big is your plot on which you plant?)*
    - *Who owns the crop land?*
- *Do you work on the land because you want to or because you must?*
  - *Why do you want to?*

- *Why must you?*

- *If women farm, is there a difference between married women that farm and unmarried women that farm?*
    - *What is the difference?*

- *__Credit__*
    - *How did you start farming, did someone give you the seeds or did you have to buy the seeds?*
        - *From whom did you get the seeds?*
        - *Did you have the money to buy the seeds or did you have to borrow money?*
            - *From whom did you have to borrow the money?*
                - *The bank/ cash loan (Was it easy or difficult to borrow money from the bank/ cash loan?)*
                    - *Why was it difficult, what did they ask you?*
                    - *Did you go alone or did someone go with you? (Who went with you and why?)*
                - *A neighbour*
                - *Your family*

- *__Access to a market__*
    - *Do you sell your produce?*
        - *Yes*
            - *Why do you sell your produce?*
            - *To whom do you sell your produce?*
            - *Where do you sell your produce?*
        - *No*
            - *Why not?*
    - *Do you own cattle?*
        - *Yes*

- *How did you obtain your cattle?*
  - *Bought*
    - *Where did you get the money to buy the cattle?*
    - *When did you buy your cattle?*
  - *Husband*
    - *When did he give them to you? (Why?)*
    - *How many head of cattle did he give to you?*
  - *Father*
    - *When did he give them to you? (Why?)*
    - *How many head of cattle did he give to you?*
- *Could women always own their own cattle?*
  - *Yes*
  - *No*
    - *Why not?*
    - *When did things change?*

- *No*
  - *Why not?*

- *To whom do you sell your cattle?*
  - *How do you negotiate a price for the cattle?*

- <u>Are they aware of the change to the Constitution?</u>
  - *If you want to farm, do you have to get permission?*
    - *Yes*
      - *From whom do you have to get permission?*
      - *Why do you have to get permission?*
      - *Was it always like this?*

- *No*
  - *Why not?*
  - *Was it always like this?*
- *Who has the most say in the community, the men or the women or do they have equal say?*
  - *The men*
    - *Why is that so?*
  - *The women*
    - *Was it always like that?*
  - *Equal*
    - *Was it always like that?*
- *Do you think that women are being treated better and being more respected than in the time of Bophutatswana, in the olden days?*
  - *Yes*
    - *Why is it better?*
  - *No*
- *Do you think that you have better lives today, than your mothers did when they were young?*
  - *Yes*
    - *Why?*
    - *When did it change?*
  - *No*
    - *Why do you say that?*
- *Was there anybody here that came to talk to you about women? What rights you have and what the government says that you can do?*
  - *Yes*
    - *Who were they?*
    - *What did they tell you?*
    - *When were they here?*
  - *No*
- *Who of you can read?*

            - ***Do you read newspapers?***
            - ***What do you read in the newspapers?***
    - ***Who of you owns a radio?***
            - ***To what do you listen?***
- ***Do you know that the government has given women more rights?***
    - ***Where did you hear about it?***
- ***Do you exercise these rights?***

# BRONNE


### 1. Ongepubliseerde werke

Du Pisani, J.A., *Womens's rights as political priority in South Africa in the 1990s: an historical perspective* (unp. paper, International Conference on Democracy and Human Rights, University of Zimbabwe, Harare, 13 September 1996).

### 2. Tydskrif- en internetartikels

Camerer, S., "Gender politics: an international and national perspective" {C.R. Swart Commemorative Lecture 28}, *Acta Varia*, vol. 2, 1996.

Commission on Gender Equality, Republic of South Africa: *A framework for transforming gender relations in South Africa*, 2000, http://www.gov.za/reports/2000/transformation.pdf [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

C. Cross & D. Homby, (eds.), Republic of South Africa: *Opportunities and obstacles to women's land access in South Africa*, http://www.nlc.co.za/pubs2003/womenlandaccess/wlatoc.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

Department of Land Affairs, Republic of South Africa: *White paper on South African land policy*, 1997, http://www.polity.org.za/html.govdocs/white_papers/ [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

National Land Committee, Republic of South Africa: *Land redistribution*, http://www.nlc.co.za/mdredis.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

National Land Committee, Republic of South Africa: *Land restitution*, http://www.nlc.co.za/mdredis.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

National Land Committee, Republic of South Africa: *Tenure reforms,* http://www.nlc.co.za/mdtenref.htm [Geraadpleeg: 2 Mei 2003].

United Nations Environment Program (UNEP), *Agenda 21,* Chapter 24 - "Global Action for Women Towards Sustainable and Equitable Development", http://www.unep.org/Documents/Default.asp?DocumentID=52&ArticleID=72 [Geraadpleeg op 4 November 2003].

Walker, C., "Women, 'tradition' and reconstruction", *Review of African Political Economy,* vol. 21, no. 61, September 1993.

### 3. Regeringspublikasies

South Africa (Republic), "Commission on Gender Equalty Act, 39 of 1996", *Government Gazette*, vol. 373, no. 17341, 24 July. 1996.

South Africa (Republic), "Community Property Associations Act, 28 of 1996", *Governemet Gazette,* vol. 849, no. 17205, 22 May 1996.

South Africa (Republic), "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000", *Government Gazette,* vol. 136, no. 20876, 9 February 2000.

South Africa (Republic), "Resitution of Land Rights Act, 22 of 1994", *Government Gazette,* vol. 2011, no. 16106, 25 November 1994.

### 4. Gepubliseerde werke

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (eds.), *Collecting and interpreting qualitative materials* (London, Sage Publications, 1998).

Hammond-Tooke, W.D. (ed.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa* (London, Routledge & Kegan Paul, 1971).

James, S.M. & Busia, A.P.A. (eds.), *Theorizing Black feminisms: the visionary pragmatism of Black women* (London, Routledge, 1993).

Letsoalo, E.M., *Land reform in South Africa: a black perspective* (Johannesburg, Skotaville Publishers, 1987).

Meer, S. (ed.), *Women, land and authority: a persepctive from South Africa* (Claremont, David Philip Publishers, 1997).

Murray, C. (ed.), *Gender and the new South African legal order* (Kenwyn, Juta, 1994).

Rehof, L.A., *Guide to the Travaux Préparatoires of the United Nation Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women* (Dordrecht, Martinus Nijhoff Publishers, 1993).

Roberts, S., *A restatement of the Kgatla law relating to land and natural resources* (Botswana, Government Printer, s.a.).

Schapera, I., *A handbook of Tswana law and custom: compiled for the Bechuanaland Protectorate Administration* (Hamburg, LIT Verlag, 1994).

Schapera, I., *The Tswana* (London, Lowe & Brydone, 1971).

Shack, W.A. & Cohen, P.S. (eds.), *Politics in leadership: a comparative perspective* (Oxford, Clarendon Press, 1979).

South Africa (Union), Department of Native Affairs, Ethnological publications, No. 30, *The Tribes of Marico District* by P.L. Breutz (Pretoria, Government Printer, 1953-54).

Statistics South Africa, *Women and mens in South Africa: five years on* (Pretoria, Statistics South Africa, 20020.

Toulmin, C. & Quan, J. (eds.), *Evolving land rights, policy and tenure in Africa* (United Kingdom, Natural Resources Institute, 2000).

Unit for Gender Research in Law Unisa, *Women and the Law in South Africa: empowerment through enlightenment* (South Africa, Juta, 1998).

West, M. *Abantu: an introduction of the Black people of South Africa* (Cape Town, C. Struik Publishers, 1976).